IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-06-26

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 115

(Bladsye 5 727 - 5 792)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 26 JUNIE 1986.

MNR. FICK : Die Staat wil eerstens die Hof bedank vir die tyd wat ons gister kon kry om na die dokumente te kyk. Ek wil die Hof verseker ons het dit nuttig gebruik. Ons het die dokumente verminder en ons het 'n getuie uitgeskakel. Ek wil dan die volgende dokumentasie ophandig na die Hof as synde - met toestemming van die verdediging word die volgende dokumente ingehandig - dokumente wat op 14 Julie 1985 in die kamer, dit is 'n rondawel, van Frans Mofapa Mohlala te Mamotintane, dit is 4 kilometer van Mankweng af, in die teenwoordigheid van gemelde Frans Mohlala. Dokument A(1), hy is reeds ingehandig, dit is die boek ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Gee net eers vir my die nommers van die dokumente.

MNR. FICK : Die volgende is ABA(36), ABA(37), ABA(38), ABA(39), ABA(40), ABA(41), ABA(42), ABA(43), ABA(44) en dan weer ABA(26) wat ingehandig is gister asook dokument AB(21). Ek kan dit net vir u identifiseer, die opskrifte van elkeen: ABA(36) ... (Hof kom tussenbei)

HOF : A(1) is nou wat? Dit het ons, dit is die stigtingsvergadering?

MNR. FICK : "United Democratic Front Launch, August 20 1983." Die volgende is ABA(36). Dit is getiteld United Democratic Front Transvaal. List of nominations for the REC Regional Executive Committee." ABA(37) is 'n dokument getiteld "The Freedom Charter." Hy is uitgegee deur Visual Action van die Release Mandela Komitee.

HOF : Dit is 'n dokument wat hoofsaaklik bestaan uit foto's met byskrifte.

MNR. FICK : Die volgende dokument is ABA(38). Dit is getiteld "Draft program for Northern Transvaal Youth Workshop, 22nd, 23rd June 1985." Ek kan net vir die Hof sê waarom die Staat

... / in

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in dié dokument belangstel. U sal sien dit is 'n "workshop", onder andere om mense te leer hoe om "graffito" en "posters" en goed te maak. Die volgende dokument wat die Staat ophandig is ABA(39). Dit is 'n pamflet getiteld "Come to the launch of the youth year" uitgegee deur die International Youth Year Transvaal Commission. Dit is 'n vergadering met sekere sprekers daar op. Die volgende dokument is ABA(40). Sy opskrif is "COSAS Each one teach one." Dit is gedateer 7 Oktober 1984. Hy is gerig aan The Secretary en hy is onderteken, die oorspronklike deur Chiki Mashimbi, die Regional Secretary. Dit is 'n uitnodiging aan organisasies om die vergadering van COSAS by te woon in verband met die onderwys en die eise wat daar gestel word. Die volgende dokument is ABA(41). Dit is 'n dokument getiteld "A call of unity, participation, love and co-operation to all residents. No housing for one is no housing for all." Dit gaan oor die "launching" van die Mankweng Residents Organisation. Die Mankweng Residents Organisation is nie 'n samesweerder nie, maar die Staat sal getuienis aanvoer dat dit is die naam waaronder Mankweng Civic Association gestig sou gewees het, maar op die stigtingsvergadering is dit verander na Mankweng Civic Organisation. Die volgende dokument is ABA(42). Dit is 'n dokument, die opskrif is "Northern Transvaal United Democratic Front Co-ordinating Committee." Dit is 'n brief geteken deur Mabudafasi. Dit is gedateer 21 Februarie 1985 en aangeheg is The Report of the Co-ordinating Committee.

HOF : Hierdie dokument het ons al. Die verslag is al 'n bewysstuk voor ons, maar u kan hom inhandig saam met die brief, maar die verslag het ons alreeds.

MNR. FICK: Dan ABA(43). Dit is 'n plakkaat UDF uitgereik deur W. de Vries Mowbray BSS. Dit sê "Do not vote for

... / apartheid

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

apartheid.

HOF : Laat ons dit net op rekord plaas. Dit is 'n groterige plakkaat met aan die regter bo hoek die embleem van die UDF, in die middel groot op 'n rooi agtergrond "Do not vote in apartheid elections", 'n aantal mense wat daar staan, 'n hele aantal mense wat daar staan en die voorstes hou 'n verdere plakkaat vas "Forward to Freedom."

MNR. FICK : Die volgende wat die Staat ophandig is ABA(44). Dit is 'n boek getiteld "May Day" uitgegee deur Community Research and Information Centre, een van die affiliale van die UDF. Dit gee die geskiedenis weer van May Day vierings in Suid-Afrika.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wat is die affiliaal se naam?

MNR. FICK : Hy is afgekort CRIC. Dan dokument ABA(26). Dit is 'n dokument getiteld "Memorandum on the changing political complexion of the Northern Transvaal Region." Hy bestaan uit drie bladsye en hy eindig "Join the struggle. People's war is invincible. Victory or death." Dan laastens 'n dokument AB(29), dit is in die groen boek, volume 2. U sal merk dat AB(29) is meer as net hierdie dokument. Hierdie dokument is deel van AB(29).

HOF : Maar dan moet ons sê watter dokument u nou inhandig en nie net 'n erkenning op rekord plaas van die hele AB(29) nie. Dan loop die ding verkeerd. Wat is die dokument wat u daar het?

MNR. FICK : Die dokument wat deel van die erkenning is, is 'n vlugskrif getiteld "COSAS Congress of South African Students Each one teach one." Die eerste bladsy is "United Action for Democratic Education." Dit is AB(29) se tweede bladsy. Die tweede bladsy van die dokument is "Apartheid. Education is rotten." Dit is die eerste helfte van die derde bladsy.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Wag 'n bietjie. Ek dink die beste is dat ons AB(29) net nommer eers op die stuk wat ons het. Ons sal die bladsy met die opskrif "What must be done now" (i) maak, die agterkant van hom word (ii), die deel wat sê Congress of South African Students word (iii), die agterkant daarvan het niks op nie, die volgende een "Apartheid Education is rotten" word (iv), die volgende een "Congress Report 83" word (v) - dit lyk of daar op een bladsy twee dinge gefotografeer is. Is dit korrek? Miskien moet ons dan maar sê die linker- of die regterkant van bladsy (iv). (v) is "Congress Report rotten." "National Executive Committee Report" is bladsy (vi). Die een waarop staan "Each one teach one" word bladsy (vii). (viii) is dan"COSAS problems aan die linkerkant". (ix) word "The Women Continued". Die een met die vraagteken bo die man se kop word (x). "Resolutions" word (xi) en dan (xii) dié wat die nommer 15 het bo in die middel. (xiii) word "1984 COSAS". (xiv) is "Our method is united action. (xv) die eerste woorde is "Deprived of school." Watter bladsye het u op ooreengekom?

MNR. FICK : Bladsy (iii), bladsy (iv) die linkerkantste helfte, nie die regterkantste helfte nie, dan eers weer bladsy (xiv) die deel wat begin met "overcrowded classrooms."

HOF : Die hele bladsy, altwee kante?

MNR. FICK : Nee, net die boonste.

HOF : Wel, dit is die linkerkant of die regterkant?

MNR. FICK : Die regterkant, asook bladsy (xv).

HOF : Dit wil dan voorkom asof hierdie bewysstuk AB(29) soos ons hom het maar taamlik deurmekaar is.

MNR. FICK : Die probleem is, soos AB(29) gevind is, ek het hom spesifiek gaan haal sodat ek vir die Hof kan beduie

... / wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wat aangaan. Dit is 'n boekie met 'n klomp los bladsye binne-in en 'n pamflet wat by Dora Sesing gevind is, maar hierdie wat hier gevind is, is ongelukkig net die buiteblad.

HOF : Eersteklas, ons het nou aangeteken wat gevind is. Miskien is dit nie 'n buiteblad nie. Daar was los stukke in gewees.

MNR. FICK : Dit is 'n klomp los stukke wat so binne-in mekaar is. Dit is wat nou gevind is.

HOF : Handig u daardie een wat nou gevind is in na my klerk of hou u hom agter?

MNR. FICK : Hy is ingehandig. Dit is die totaal van die dokumentasie wat op hierdie wyse ingehandig word.

HOF : Mnr. Tip, is dit korrek dat dit ooreengekom is?

MR TIP : Yes. Perhaps I might just clarity the basis. This was done after the adjournment yesterday with a view to eliminating witnesses as far as possible. It is agreed on the same basis as we have been unfortunately compelled to treat the witnesses here, that we have no instructions at all from Mr Mohlala. May I also just add this that in the course of tendering these documents My Learned Friend has made some ex parte remarks on them and I should not like it to be thought that we accept those without further proof of the documents. In particular Mr Learned Friend referred to CRIC the apparent producer of the May Day book as an affiliate of the UDF. I am unaware of any such evidence and I do not believe we have made any such admission. As far as the documents otherwise are concerned, they remain subject to the normal rules of proof of admissibility.

COURT : Well, I have only so far written down the actual admission, not any reference to CRIC.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ANDRIES JOHANNES GERHARDUS ERWEE, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n kaptein in die polisie en u is gestasioneer te Pietersburg? -- Dit is korrek.

U het op 16 Julie 1985 gegaan na die woning van Peter Mokaba? -- Dit is korrek.

U het die slaapkamer deursoek?

HOF : Waar was dit?

MNR. FICK : Waar is die plek? -- Mankweng in Lebowa.

U het die woning deursoek en in die slaapkamer beslag gelê op sekere foto's? -- Dit is korrek.

Ek het die foto's gemerk AAY(47) en (48). Nou wil ek vir u vra in verband met AAY(47). Kan u die plek identifiseer waar hierdie foto van geneem is? -- Hierdie foto is geneem by die woning van Peter Mokaba.Met sy loslating gedurende Maart 1985 is daar 'n verwelkomingsparty vir hom gereël ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Loslating uit wat? Was hy in arres gewees? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : U Edele, om duplikasie van getuienis te voorkom, wil ek die Hof net verwys, dit is die loslating wat die vorige getuie van getuig het ook. Die man was gevonnis en hy is uit die gevangenis gelaat.

HOF : O, dit is die appèl wat geslaag het en toe is die saak terugverwys entoe het hy 'n opgeskorte vonnis gekry?

MNR. FICK : Dit is korrek. Kan u net op foto AAY(47) vir ons van die linkerkant af, soos u na die foto kyk, die mense identifiseer wat u kan? -- Dit is korrek. Die vierde persoon op die linkerkant is Peter Mokaba. Die vyfde persoon staande is Happy Joyce Mashamba. Langs haar staande met die regtervuis gebal is Jerome Maake. Die agtste persoon staande, die vrou, ook met die regtervuis gebal ... (Hof kom tussenbei)

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Net so 'n oomblik. Langs Jerome Maake is daar 'n persoon wat u nou oorslaan. -- Negatief.

Sesde is Jerome. U noem nou die agtste. -- Die sewende, ekskuus. Dit is Rejoice Mabudafasi. Die persoon direk langs Rejoice Mabudafasi se gesig word toegemaak deur sy regtervuis met die arm wat na boontoe is. Dit is al wat op die foto aan my bekend is.

MR TIP : My Lord, if that is all that is going to be said about these photographs, then I wonder with respect whether a proper basis has been laid for the photo's to be tendered and the persons to be identified in this way. As I understand the evidence this is a photograph which was found in someone's possession. The witness then without more begins to identify the people. There is no suggestion that he was at the scene and it seems to me that an inadequate basis has been laid for it. One wonders also as to the relevance of a particular group of this sort.

HOF : Hoe is dit relevant?

MNR. FICK : Ek wil aan die Hof voorhou dat hierdie persone is in die lig van die vorige getuienis, hulle verbintenis met die ANC, is hier 'n verwelkomingsparty gegee deur persone wat in die klagstaat genoem word, die organisasies wat samesweerders is.

HOF : Watter persone het 'n verbintenis met die ANC?

MNR. FICK : Dit is die Mokaba wat so skuldig bevind is.

HOF : Dit is nou die vierde van links?

MNR. FICK : Dit is korrek. Dan sal ek die getuie verder vra. Jerome Maake, het hy enige verbintenis - is hy ook in dieselfde saak betrokke ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Voordat u nou die getuie vra, daar is op die oomblik 'n beswaar. Ek kan die ding nie sommer so los-los mee

... / handel

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

handel nie. U sê dit is 'n man wat 'n ANC verbintenis het en al hierdie mense is nou by 'n verwelkomingsparty met hom. Het u ooit enige grondslag gelê dat hierdie getuie enige kennis van die persone het? Hy het nie eers gesê hy ken Rejoice nie. Hy vertel my sommer 'n klomp dinge oor 'n foto. Op watter basis is dit toelaatbaar?

MNR. FICK : In die lig van die feit dat die man die mense uitken is dit duidelik dat hy hulle ken.

HOF : Hy kon dit gehoor het of wat ook al. Hoe moet ek weet hy ken die vrou en hoe goed ken hy die vrou? Wat word van die bewysreg in hierdie saak? Dit is moeilik genoeg om 'n foto te bewys as jy nie die fotograaf het nie en nou gooi jy maar sommer 'n foto hier in en kry iemand van die straat om te sê dit is mnr. X. Dit is baie interessant, maar ek dink nie dit is toelaatbaar nie.

MNR. FICK : Kan ek die getuie verder ondervra dat hy sy basis uiteensit van waar ken hy die mense vandaan, hoe identifiseer hy die toneel?

HOF : Ja, ek sal u toelaat.

MNR. FICK : Eerstens die toneel. Het u enige observasie gehou die betrokke dag by die voorval of hoe identifiseer u die toneel? -- Soos ek vroeër gesê het, die woning is die woning van Peter Mokaba. Met die verwelkomingsparty het daar vele studente van die Universiteit van die Noorde asook ander jeugdiges in die gebied na die woning toe gegaan vir die verwelkomingsparty. As 'n lid van die veiligheidspolisie het ek in die omgewing beweeg om waarnemings te maak en ek het gemerk die byeenkoms by die woning en die geleentheid wat daar gereël is. Ek het vir Peter Mokaba. Ek het al - afgesien daarvan dat ek sy plek deursoek het - vantevore met hom gepraat.

Is hy 'n bekende figuur in Mankweng? -- Peter Mokaba is

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die tesourier van die Noord-Transvaal UDF Koördinerende Komitee. Hy dien ook op die Mankweng Civic Association as die publisiteitsekretaris. Die vyfde persoon Joyce Mashamba ken ek. Sy is 'n inwoner van Mankweng. Ek het haar al 'n paar keer besoek by haar woning. Sy dien op die Mankweng Civic Association se komitee as 'n hulp-sekretaresse.

Jerome Maake? -- Die sesde persoon Jerome Maake, ken ek. Hy woon in Lenjenje in Tzaneen distrik. Hy was dan ook saam met persoon nommer vier, Peter Maake gearresteer ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Mokaba? -- Mokaba, ekskuus tog. Ek ken hom. Hy is ook die voorsitter van die Lenjenje Youth Congress. Die sewende persoon Rejoice Mabudafasi, ken ek persoonlik. Sy is 'n inwoner van Mankweng Civic Association as die vroue-organiseerder. Sy dien ook op die Verre Noord-Transvaal UDF Koördinerende Komitee. Haar portefeulje het my op die oomblik ontgaan. Dit is omtrent al wat ek van hierdie foto wat hier voor my is kan sê.

HOF : Staan die beswaar, mnr. Tip?

MR TIP : I think it does still stand. The witness has now gone onto reiterate that he knows certain of the people who are on the photograph. It is by no means clear that he has any knowledge of the taking of the photograph. He has with respect not given ... (Court intervenes)

COURT : No, it is clear that he was not present when the photograph was taken, I presume and that it is merely a photograph which he found and on that photograph he identifies certain people whom he knows.

MR TIP : That is so. It is also clear with respect on the evidence as it stands that this particular scene was in fact observed by the witness.

... / COURT

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

COURT : Well, let us take it for the purpose of the argument that he was not inside the house so that he did not observe the scene, he was outside?

MR TIP : Yes, then with respect there must remain something of a question mark as to whether or not he can say these people were all together, but perhaps I might just view the question of this photograph from a slightly different angle and that is the issue of Peter Mokaba being a member of the ANC. Yesterday that evidence was given in the course of Captain Vorster's testimony and at the time it went largely unremarked. It seemed to us to be somewhat gratuitous. It now appears that the State intends to set some store by this allegation and to set some store by the fact that people are apparently photographed in his company and if that is so, we respectfully submit that more needs to be put before Your Lordship that Your Lordship will receive it as to this allegation that he is a member of the ANC. It is apparently derived from a finding in another court.

COURT : Well, it was on two bases. The one is that he is a self confessed member of the ANC, having made a confession to that witness or in his presence. The second is that he was found to be so by a court of law. On that basis that evidence was presented as I understood it.

MR TIP : Yes, but on both counts they would appear to be considerable extent of a hearsay sort. If Your Lordship is to make any finding of any moment in this regard, then with respect Your Lordship would at least want to be fully informed as to the circumstances and not a ... (Court intervenes) statement.

COURT : I am not at the moment concerned with what finding one can make of it or the weight of it to be attached to that or to this photograph because anybody can visit anybody

... / as

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

as far as I am concerned, but on the question of the admissibility of the evidence. Now, that evidence was admitted. There was no objection to it. At the time it was tendered, I thought about it and I was then of the opinion that it was not objectionable in any event not to such an extent that I should, on my own, raise the point. I still hold that view. What is to be made of it, is a different matter. As far as this photograph is concerned, the objection now can only be that this witness is not qualified to identify these people on this photograph. What is to be made of this evidence in relation to the other evidence, is another matter. This is the sole objection you can now make and then say it is not admissible evidence. He has prima facie proper knowledge of these people. Is your suggestion that one who knows a person well enough cannot identify him on a photograph?

MR TIP : No, that is not my contention.

COURT : I think that is as far as the rest of the evidence is concerned and as far as this is concerned, if you are not happy with it, you just reserve your rights and we go on.

MR TIP : If I may do that. Perhaps I might just indicate also My Learned might want to heal this lacuna. There is no information before Your Lordship as to when this party allegedly took place and perhaps Your Lordship may be assisted by that sort of information first.

COURT : Well, actually in March 1985. We have not got a date but he has given us March 1985.

MNR. FICK : Kan ons dan net na die volgende foto kyk, AAY(48). Kan u die persone op hierdie foto identifiseer? Net ja of nee? -- Ja.

Kan u van die linkerkant af begin en dan sê wie identifiseer u? -- Die derde persoon ... (Mnr. Krügel kom tussenbei)

... / ASSESSOR

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan 'n mens nie miskien net eers vasstel wat se foto dit is nie. Dit help nou nie dat die persone geïdentifiseer word nie. Is dit dieselfde dag, by dieselfde huis, is dit dieselfde partytjie?

MNR. FICK : Kan u daardie inligting vir die Hof gee. Was dit op dieselfde geleentheid? -- Dit is korrek. As 'n mens kyk op die kleurfoto's wat ek voor my het, is dit dieselfde tafeldoeke. Die persone sit nog steeds in dieselfde volgorde. Dit is net dat die foto 'n bietjie meer persone op het na die regterkant toe.

Dan sê u die derde persoon? -- Die derde persoon aan die linkerkant is die persoon Peter Mokaba.

HOF : Op die foto is daar aan die linkerkant twee rye persone. Daar is 'n persoon met 'n enetjie bo die kop geteken. Is dit ook op u foto so? -- Bevestigend. Links van die persoon is Peter Mokaba.

Links soos ons na die persoon kyk? -- Dit is reg.

Laat ons net eers hoor, ken u die persoon met die 1 bokant die kop? -- Bevestigend. Dit is Joyce Happy Mashamba.

En aan haar regterkant, dit is links soos ons na haar kyk? -- Is Peter Mokaba. Soos ons na diefoto kyk direk aan die regterkant van Happy Joyce Mashamba steek net die pet uit van Jerome Maake. Die persoon staande nr. 6 is Andrew alias Blessing Mapela.

MNR. FICK :Ken u hierdie persoon persoonlik? -- Ek ken Andrew Blessing Mapela persoonlik. Ek het hom nou so 'n ruk terug Januarie gearresteer. Hy was 'n student verbonde aan die Universiteit van die Noorde. Hy word tans aangekla ingevolge die veiligheidswetgewing, artikel 54(1) ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wil ons dit weet?

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : Nee, ek wil dit nie weet nie.

HOF : Die getuienis word deurgehaal.

MNR. FICK : Dan die persoon langs Blessing Mapela? -- Is 'n persoon sittende, wat nie baie duidelik sigbaar is nie.

HOF : Dit is agter die man met die T-hemp? -- Dit is bevestigend.

Ja? -- Die persoon dan staande met die T-hemp is Louis Aaron Nguni. Ek ken hom persoonlik. Hy bly in Mankweng. Hy is die voorsitter van die Mankweng Civic Association. Hy is ook die beskermheer van die UDF Verre Noord-Transvaal se Koördinerende Komitee. Direk langs hom sittende is Frans Mohlala.

MNR. FICK : Is sy volle name Frans Mofapa Mohlala? -- Bevestigend. Hy is die president van die Mankweng Youth Congress en hy is ook die voorsitter van die Noord-Transvaalse UDF Koördinerende Komitee.

Is dit wat u weet van die persone wat u kan identifiseer op die foto? -- Dit is korrek. Ek kan net meld dat Louis Aaron Nguni is 'n dosent aan die Universiteit van die Noorde. Hy is algemeen bekend. Sy naam verskyn ook in die Universiteitjaarboek.

Ek wil dan aan u die volgende stel foto's toon. Dit is 'n stel van drie. Ek het hulle gemerk AAY(49), (50) en (51).

HOF : Die afdrukke is baie donker. Is die oorspronklikes ook dof?

MNR. FICK : Die oorspronklikes is kleurfoto's? -- Dit is kleurfoto's en die skaduwee is donker.

Eerstens kan u op foto AAY(49) ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag nou so 'n bietjie. Hier is 'n foto wat u voor ons plaas sommer so uit die lug uit. Waar kom die ding vandaan?

MNR. FICK : Ek sal dit nou op rekord plaas. Die betrokke foto's

... / AAY

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

AAY(49), (50) en (51) waar het u hierdie dokumente gekry? -- Ek het hulle saam gekry met dié wat - die verwelkomingsparty in Peter Mokaba se woonvertrek tydens die deursoeking op 16 Julie.

HOF : Dus het u dit saam gekry met AAY(47) en (48)? -- Bevestigend.

MNR. FICK : 16 Julie 1985? -- Korrek. Ek kan net vir u sê hierdie foto's ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Al die foto's of net hierdie drie? -- Net hierdie drie, is in die Presbiteriaanse Kerk te Mankweng geneem. Ek ken die kerk. Ek was al voorheen binne-in die kerk. Ek was nie binne-in die kerk toe die foto's geneem is nie.

MNR. FICK : Kan u vir die Hof sê met watter geleentheid eerstens is hierdie tonele op die foto's? -- Gedurende 1985 is daar by verskillende plekke in Mankweng kennisgewings opgeplak vir die stigting van DESCOM wat gestig sou word. Uit die aard van my diens het ek in die omgewing beweeg. Ek het mense sien beweeg na die kerk toe, hoofsaaklik studente van die Universiteit van die Noorde.

HOF : Wanneer was dit? -- Dit was gedurende 1985. Ek is nie presies seker wat die datum was nie. Dit was in elk geval na Maart 1985.

MR TIP : If that is the closest that he can get, I wonder if it is possibly admissible. The indictment runs to the end of July 1985.

COURT : No,no, he has got it between 16 July and March 1985, because he found them on 16 July.

MR TIP : It is a connection that escaped me. I apologise.

HOF : Gaan voort.-- Ek het gemerk dat baie van die studente en van die jeug van Mankweng en omliggende gebiede geklee is in verskeie T-hemde. Onder andere was die Release Mandela

... / Committee

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Committee T-hempie baie populêr. Dit is 'n geel T-hemp met 'n vlag op die bors met die woorde RMC op die regterkantste bors, met die woord Mandela op die vlag en onder die vlag verskyn die woorde Release Mandela en dan is daar so 'n embleem van verskeie mense of groep mense in swart.

Was daar nog ander T-hempies ook van die mense wat na die kerk gegaan het? -- Wat ek nog kan onthou was die Mankweng Youth Congress T-hemp. As my geheue my nie in die steek laat nie, staan agter op die T-hemp Mankweng Youth Congress en voor die afkorting MAYCO. Daar mag nog iets anders ook op die T-hemp wees.

En die kleur? -- Dit is geel en swart.

Het u enigsins in die vergadering ingegaan of observasie in die kerk gehou tydens die vergadering? -- Negatief. Dit sou fataal gewees het. Ons het net daar klandestien verby beweeg 'n paar keer.

Nou wil ek terugkom met u na foto AAY(49). Kan u die persoon wat daar staan skynbaar praat - ken u hom? -- Ek ken die gesig, maar ek kan nie 'n naam by hom plaas nie. Ek het hom in Mankweng gesien, veral in die optogte of opmarse wat in Mankweng gehou is.

Dan die tweede persoon van links? -- Die tweede persoon, die middelste een, is Kagiso Kladi. Hy is 'n student verbonde aan die Universiteit van die Noorde.

Ken u hom? -- Ek ken hom persoonlik. Ek het hom ook al by sy ouerhuis gespreek te Mankweng. Hy dien op die komitee van die Mankweng Youth Congress. Sy portefeulje het my ontgaan. Die persoon derde, die laaste persoon is Frans Mohlala, die voorsitter van die Mankweng Youth Congress asook die voorsitter van die UDF Verre Noord-Transvaal se Koördinerende Komitee.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek wil dan aan u foto AAY(50) toon. Wat kan u vir die Hof sê van die persoon wat daar staan en beduie? Die afskrifte is baie onduidelik. -- Die persoon staande op die foto, dit is AAY(50), is Jerome Maake.

Dit is die persoon wat u netnou oor getuig het? -- Dit is korrek.

Ken u van die ander persone op die foto?

HOF : Is die foto nou ook in die kerk geneem? -- Bevestigend. Van links af sit Kagiso Kladi, die een met die wit T-hempie is Frans Mohlala, staande met die regtervuis gebal geklee in die kakie klere, is Jerome Maake.

MNR. TIP VRA VERLOF VIR BESKULDIGDE NR. 9 OM NA DIE HOSPITAAL-KLINIEK TE GAAN.

HOF : Ons kom nou by AAY(51).

MNR. FICK : Waar is hierdie foto geneem? Watter plek is dit? -- Die foto is by dieselfde geleentheid in die kerk geneem. In die Presbiteriaanse Kerk Mankweng.

Die T-hempies wat u van gepraat het, die persoon heel voor, tweede van links, is dit een van die RMC T-hempies? -- Dit is korrek en die persoon heel regs op die foto is aan my bekend.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Albei het dieselfde T-hempie aan? -- Dit is korrek.

Dieselfde soort T-hempie.

HOF : Die persoon heel regs sê u ken u. Wie is hy? -- Dit is Nikisi Lesofi. Hy is gearresteer. Ek ken hom persoonlik. Hy is 'n student verbonde aan die Universiteit van die Noorde.

MNR. FICK : Is dit al wat u van hom kan sê? -- Die persoon het uit bewaring ontsnap by die Haenertsburg Polisiestasie.

Ons laat dit maar net daar. Die persoon omtrent in die middel van die foto agter die eerste ry, hy staan as 'n

... / mens

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

mens na die foto kyk aan ons linkerkant en sing of skreeu. Ken u daardie T-hempie? -- Dit is 'n Mankweng Youth Congress T-hempie.

Dan wil ek met u gaan na 25 Julie 1985. Was u een van die persone wat Louis Aaron Nguni se woonplek te Excelsior woonstelle Mankweng deursoek het? -- Dit is korrek. Ek was vergesel van kaptein Vorster.

In die deursoeking het u beslag gelê op sekere dokumente? -- Dit is korrek. Daar was twee hangkaste in die woonkamer. As 'n mens by die deur inkom het kaptein Vorster die linkerkantste hangkas deursoek en ek die regterkantste een. Dokumente waarop ek beslag gelê het, het ek in 'n kartondoos geplaas. Die kartondoos was die heeltyd in Nguni se bewaring totdat ons later vertrek het terug na die kantore toe. Daar is nie by die persoon, Louis Aaron Nguni, se woonkamer 'n kwitansie vir die dokumente uitgeskryf deur my nie. Die tyd wat dit in beslag sou neem was gevaarlik aangesien ons net die twee was en ons moontlik oorval kon word, maar toe ons by die kantoor kom is hy wel voorsien van 'n kwitansie vir die eiendom waarop beslag gelê is.

Ek wil aan u eerstens 'n dokument toon ABA(45).

HOF : Dit is nou nie die dokumente wat ons gekry het by kaptein Vorster nie?

MNR. FICK : Dit is nie. Dit is in elk geval net een dokument wat ek wil ophandig. Herken u hierdie dokument? -- Dit is korrek. Agter op verskyn my handtekening sowel as dié van kaptein Vorster. Ek kan net vir die Hof meld dat die persoon Louis Aaron Nguni se handtekening wat ek ken ook op die dokument agter op verskyn.

HOF : Op die laaste bladsy of agter op? -- Agter op. Die handtekening is egter nie in my teenwoordigheid op die dokument

... / aangebring

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

aangebring nie, maar is vroeër.

MNR. FICK : Wat u wil sê is, u het die dokument gekry met die handtekening daar op? -- Dit is korrek. Die dokument of toetspapier van die Universiteit van die Noorde, soos dit blyk, ek kan nie deskundige getuienis gee nie, maar dit is Louis Aaron Nguni se handskrif ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit toelaatbaar as hy nie deskundige getuienis kan gee nie?

MNR. FICK : Nee, sekerlik nie. Het u die persoon Louis Nguni al vantevore gesien skryf of verklarings maak of iets van die geaardheid? -- Hy het nog nie in my teenwoordigheid geskryf nie.

HOF : Dit is nie toelaatbaar nie.

MNR. FICK : Dan wil ek sekere foto's aan u, dit is drie, AAY(52), (53) en (54), Het u op hierdie foto's ook op dieselfde geleentheid beslag gelê? -- Dit is korrek.

Ek wil u vra om eerstens die foto's om te draai, die agterkant. Ek wil u iets oor hulle vra. Is daar enige datum op al drie hierdie bewysstukke se agterkant? -- Die datum wat hier verskyn is Oktober 1983 op al drie die foto's.

Die datums wat u daar op die oorspronklikes se agterkant het, is dit 'n gedrukte datum of is dit met die hand geskryf of wat is die posisie? -- Dit is gedruk. Dit blyk dit is dan die tyd wat die foto's ontwikkel is.

Is daar 'n firma se naam ook saam met die datum? -- Dit staan hier Kodak Print Made by Kodak Johannesburg Oktober 1983.

MR TIP : I doubt that we will take serious issue to that, but to the extent that the witness suggests what the procedures are with the printing of photographs, we reserve our rights.

... / COURT

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

COURT : Well, he has not said anything yet. He merely says what is on the back of the photograph. That I can see for myself.

MR TIP : But I think he went on to say that it is apparently the date on which the photographs were printed.

MNR. FICK : Dan wil ek u vra om na AAY(52), (53) en (54) te kyk in die algemeen. Herken u hierdie foto's, die toneel of die plek waar dit geneem is? -- Die foto's is geneem binne die Lutherse Kerk te Mankweng.

Al drie? -- Al drie die foto's. Ek was al met 'n geleentheid of twee binne-in die Lutherse Kerk te Mankweng. Ek was nie teenwoordig of binne-in die kerk toe die foto's geneem is nie.

Weet u by watter geleentheid die foto's geneem is? -- Dit is geadverteer dat op 16 Oktober 1983 'n Mankweng Youth Congress geloods gaan word in die Mankweng Lutherse Kerk. Daar was plakkate orals op sigbare plekke opgeplak gewees. Weer eens, met so 'n stigting van 'n Youth Congress is dit 'n veiligheidspolisieman se pligte om waarnemings te gaan maak en darem te kyk hoe dit daar verloop. Ek het verskeie studente en persone van Mankweng die betrokke dag by die Lutherse Kerk sien saamdrom. Ek kan nie meer onthou wie ek presies almal buite die kerk waargeneem het nie.

Kan u vir die Hof sê of daar wel 'n vergadering gehou was op 16 Oktober 1983 binne-in die kerk? -- Al die persone wat buitekant saamgedrom het, het wel die kerk binnegegaan en dit het voorgekom of geblyk dat hulle of dat daar wel 'n vergadering of 'n geleentheid binne-in die kerk aangebied is.

HOF : Is daar enige aanduiding dat hierdie foto's op daardie vergadering geneem is as dit 'n vergadering was?

MNR.FICK : Kan ons dan om die vraag te antwoord ... (Hof kom

... / tussenbei

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

tussenbei)

HOF : Ek vra vir die getuie. Ek vra nie vir u nie. -- As ek so na die persone kyk en ek kyk na die bestuur wat gekies is van die Mankweng Youth Congress, dan sien ek van die komiteelede wat later gekies is op die foto.

MR TIP : Following on Your Lordship's question and the answer from the witness, we would submit that that is not a sufficient basis to identify these photographs as being taken at that meeting. It is really now a matter of inference from some other body of knowledge ... (Court intervenes)

COURT : Would he not be entitled to identify the people on the photographs as plainly just being photographs which he found in the possession of one Nguni?

MR TIP : That is so, but I am following on Your Lordship's question as to whether it is clear that this was at that meeting.

COURT : Whether one draws the inference that it is the same meeting, I am not convinced yet, but I will probably be addressed on that later on, but I will allow him to identify the people as just being people together at a meeting or whatever it is in this church.

MR TIP : If that is all he does and if he is able to dc it, there can be no objection to that.

MNR. FICK : AAY(52), van die linkerkant af, soos u na die foto kyk, kan u persone identifiseer? -- Ja. Die persoon heel links is Calvin Motiwana. Ek ken hom.

Persoonlik? -- Persoonlik. Die derde persoon is Rejoice Mabudafasi. Ek ken haar persoonlik. Die vierde persoon is Louis Aaron Nguni, wie ek persoonlik ken. Die vyfde persoon by die tafel sittende is Frans Mohlala. Ek ken hom persoonlik. Dit is al wat ek op die foto ken.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Die staande persoon met die wit hemp ken u nie? -- Negatief.

MNR. FICK : Weet u wie is op die bestuur van MAYCO verkies? na die stigting van MAYCO? -- Ek ken van die bestuur. Frans Mohlala, die vyfde persoon op die foto, is die voorsitter of die president soos wat hulle, die jeugbeweging, praat van die Mankweng Youth Congress en persoon nommer vier op die foto, Louis Aaron Nguni tree op as die beskermheer van die Mankweng Youth Congress.

Dan wil ek u verwys na foto AAY(53). U het reeds vir die Hof gesê dit was ook in dieselfde kerk geneem, die Lutherse Kerk? -- Dit is korrek.

Heel eerstens wil ek u verwys na die agtergrond van die foto, meer aan die regterkant. Sien u enigiets vasgeplak daar teen die muur? -- Dit is korrek.

Kan u dit lees? -- As ek reg lees, staan daar "Mass Rally" en onder dit blyk dit soos 'n groep persone wat daar staan.

Dan is daar onder daardie papier wat daar vasgeplak is waar staan "Mass Rally" is nog iets. Kan u enigiets sê in verband daarmee, dit lyk soos 'n plakkaat? Kan u dit nie lees op die oorspronklike nie? -- Negatief.

HOF : Is dit kleurfoto's hierdie? -- Dit is korrek.

MNR. FICK : Dan op die volgende foto - nee, ekskuus nog dieselfde foto waar die persone daar staan AAY(53). Kan u op hierdie foto die mense identifiseer? -- Dit is korrek. Die eerste persoon van links na regs is Louis Aaron Nguni.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Die eerste persoon van links na regs is afgesny. Hy is met ander woorde nie op die foto nie of het u hom op die foto?

HOF : Is dit 'n halwe persoon? -- Nee, op my foto is die persoon op die linkerkant wat vir ons kyk, met sy linkerhand

... / en

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

en ... (Hof kom tussenbei)

Kan ek net 'n bietjie na daardie foto kyk. O ja, ons foto is heeltemal afgesny. Die persoon met "Free Mandela" op, is die tweede persoon op die foto wat sigbaar is en die persoon wat u van praat is heeltemal sigbaar op die oorspronklike en sy linkerhelfte is net op ons foto's sigbaar. Gaan maar voort. Die man met die gestreepte hemp.

MNR. FICK : U sê dit is Louis Aaron Nguni? -- Dit is korrek.

Die tweede persoon met die "Free Mandela" T-hempie, ken u hom? -- Die foto is 'n bietjie donker, maar dit lyk vir my soos Crous Mabudafasi, die seun van Rejoice Mabudafasi. Ek ken hom. Ek het hom al 'n paar keer gesien as ek sy moeder besoek. Die sesde persoon op die foto ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is die een tweede van regs? -- Dit is korrek, die laaste persoon op regs is net so halfpad op hierdie foto. Dit met die regterarm met die ANC saluut na bo is Frans Mohlala.

MNR. FICK : Die saluut, My Geleerde Vriend wil beswaar maak. Eerstens, ken u, ja of nee, daardie tkeen wat met die hand gegee word, die gestrekte duim met die toe vingers? Ken u dit, ja of nee? -- Ja.

Tweedens, hoe ken u dit? Nie as wat nie, hoe ken u dit? Van waar kom u kennis van hierdie teken? -- So in die diens van die veiligheidspolisie kom sekere dokumente tot 'n mens se beskikking waar sekere organisasies en idiologieë se salute en vlae en ander kentekens omskryf word.

Kan u hierdie dokumentasie wat u van praat, literatuur, het die goed name? -- Dit is korrek. Die spesifieke een, die een van die ANC saluut, het ek gelees in die mondstuk van die ANC, die Sechaba.

HOF : Is dit toelaatbaar?

MNR. FICK : Het u die Sechaba beskikbaar? -- Negatief.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Dit word deurgehaal.

MNR. FICK : Is daar enige ander persone wat u op hierdie foto herken? -- Negatief.

Dan wil ek u neem na foto AAY(54), net duidelikheidshalwe, dit is by dieselfde geleentheid geneem het u reeds gesê? -- Dit is korrek.

Teen die agtergrond sien ek drie plakkate. Die boonste een, wat staan op hom? -- Daar staan "mass rally" en onder die bewoording blyk dit soos 'n groep mense wat daar saam in 'n groep bymekaar is.

Aan die linkerkant onder van daardie selfde plakkaat, kan u op die oorspronklike sien wat is dit? -- Aan die linkerkant bo staan - blyk wit papier en rooi, die afkorting RYCO ...

(Mnr. Fick kom tussenbei)

Nee, nee, ek praat nog van die boonste een, die "mass rally". Op sy onder linkerkant is daar iets. Kan u sien op die oorspronklike wat dit is? -- Negatief.

Dan die plakkaat aan die linkerkant van die foto soos u na hom kyk, kan u sê wat staan op hom? -- Daar staan die afkorting RYCO en dan kan ek nog die woord Youth op dieselfde plakkaat uitmaak.

Weet u waarvoor staan hierdie RYCO? -- Negatief.

Dan die ander plakkaat aan die regterkant van die een wat u nou net gelees het? -- Daar staan ook iets geskryf in groot rooi drukletters, maar ek kan nie uitmaak wat daar geskryf staan nie.

Duidelikheidshalwe op die foto aan die linkerkant, op die afskrifte, is daar 'n persoon se hand, maar hy is afgesny. Is hy op die oorspronklike ook afgesny? -- Dit is korrek.

En dan staan daar 'n persoon. Weet u wie is dit? -- Die persoon wat daar staan is Louis Aaron Nguni met dieselfde

... / hemp

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

hemp aan as wat hy op foto AAY(52) aan het.

Net vir rekorddoeleindes, hy staan agter soort van 'n kateder? -- Dit is korrek.

En op die kateder, sien u iets daar? -- Op die kateder lê 'n vel papier dubbel.

HOF: Hoekom sê u dubbel? -- 'n Oopgevoude groot vel.

MNR. FICK : Is dit al wat u die Hof van hierdie foto kan vertel? -- Met die mond wat oop is en met die papier voor hom en Louis Aaron Nguni agter die tafel blyk dit asof hy 'n vergadering toespreek.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Kaptein Erwee, net om by die laaste punt aan te knoop. Dit is seker net 'n gevolgtrekking wat u maak dat mnr. Nguni besig is om 'n toespraak te lewer? -- Dit is korrek. Dit blyk so te wees.

En u kan seker ook nie, soos wat 'n mens na die foto kyk - u kan nie seker wees dat dit wel 'n oopgevoude dubbel vel papier is wat daar op die kateder lê nie? -- As ek na die foto kyk dan is ek amper seker dit is 'n oopgevoude vel papier, want hy is so aanmekaar op die foto.

U stem seker saam dat die papier net van die een kant af sigbaar is? -- Ek sal weer na die foto moet kyk om die vraag korrek te beantwoord.

Miskien kan ek dit kort knip. U is geensins in staat om te identifiseer watter stuk papier daar op die kateder is nie? -- Dit is korrek. Ek kan dit nie identifiseer nie.

Is die Lutherse Kerk te Mankweng 'n plek waar dikwels vergaderings gehou word? -- Dit is korrek.

HOF : Dit is nou nie-kerklike vergaderings nie? -- Dit is reg. Ander vergaderings ook.

MNR. TIP : Deur allerlei groepe wat daarvan gebruik maak te Mankweng? -- Dit is korrek.

... / En

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

En u het seker dikwels in u jare van diens te Mankweng by die Lutherse Kerk observasie gehou? -- Dit is korrek.

U het getuig dat u op hierdie stadium, soos u vandag getuienis gee, nie kan onthou wie daar buite op die betrokke dag, 16 Oktober 1984 was nie? -- Dit is korrek.

En u was self nooit binne-in die kerk op die dag terwyl die vergadering aan die gang was nie? -- Dit is korrek.

En is dit ook reg dat u eintlik op die dag glad nie kennis gedra het van die moontlikheid dat foto's daar geneem was nie? -- Dit is korrek.

Sou dit 'n regverdiging opsomming wees dat die foto's AAY(52), (53) en (54) - dat u nie in staat is om die Hof te verseker dat die foto's wel op die geleentheid geneem is nie? -- Dit is korrek.

K364 Ek wil as dit moontlik is nie dieselfde vrae aan u stel in verband met die foto's AAY(49) en (50) nie asook (51). Dit is by die Presbiteriaanse Kerk. Onthou u dit? -- Dit is korrek. Ek was nie teenwoordig toe die foto's geneem is nie.

Is dit ook so dat u nie in staat is om die Hof te verseker dat die foto's van die vergadering is nie? -- Is dit die foto's van die?

HOF : Gee net vir die getuie die foto's. Dit is van die Presbiteriaanse Kerk wat nou gepraat word? -- Dit is met die stigting van DESCOM?

Watter foto's het u nou daar? Gee net die nommers? -- Dit is AAY(49), (50), (51).

MNR. TIP : Die stelling is dat u nie in staat is om Sy Edele te verseker dat die foto's geneem is ten tye van die stigting van DESCOM nie in die Presbiteriaanse Kerk? -- Dit is korrek. Ek kan net sê dit is in die kerk geneem en dat die persone wat by die geleentheid daar by die kerkgebou ingegaan het

... / hoofsaaklik

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

hoofsaaklik die geel hemde van die RMC aangehad het. Dit was baie prominent.

Bedoel u miskien daarmee dat dit net op hierdie dag is wat 'n hele klomp RMC T-hempies gesien het? -- Nee.

Wil u nog die feit dat u nie in staat is om die versekering te gee nie, kwalifiseer? -- Negatief.

AAY(50), die persoon in die kakie klere, op my kopie is dit totaal onmoontlik om die persoon te herken. Ek stel dit aan u dat op die oorspronklike is dit ook so? -- Ek wat Jerome Maake goed ken, afgesien van sy liggaamsbou, afgesien van die agterkop en die baard, is dit vir my baie duidelik dit is Jerome Maake. Ek moet toegee dat vir 'n persoon wat hom nie ken nie met die arm wat hy so hou, wat die neus en die mond effens wegsteek, dat hy hom nie maklik sal herken as hy hom nie baie goed ken nie, want die foto's is donker. So ook Frans Mohlala wat direk aan die persoon se regterkant is. Dit is ook baie donker en as jy nie die persoon goed ken nie, sal jy hom nie kan identifiseer nie.

Kan ons miskien dit so stel dat u glo dat dit die persoon is wat u geïdentifiseer het, maar dit is moontlik dat dit ander persone is weens die val van die lig? -- Dan sal dit 'n persoon wees wat baie soos die persoon lyk. Dit sal ek moet toegee.

Die foto's AAY(47) en (48), dit is die partytjie, het u self die tafels wat op die foto vertoon word gesien? -- Die tafels was daar toe ek dit waargeneem het. Dit was gedek gewees en dit was daar langs die woning gewees, maar ek het toe nie 'n aantekening gemaak van die getal tafels en die kleur van die tafeldoeke nie, maar dit was op dieselfde plek waar die foto is - dit het daar gedek gestaan.

Waar is die plek? -- Dit is te Mankweng.

... / Van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Van waar af het u u waarnemings gemaak op hierdie dag? -- Die woning van Peter Mokaba is geleë in Mankweng en daar is 'n pad wat direk voor die huis verby beweeg en aan die woning, as jy voor die woning staan is daar aan die regterkant van die woning ook 'n oop terrein waarvan die woning diep agter geleë is en van vroegdag af het ons observasie gedoen en klandestien daar beweeg en ons kon dinge waarneem.

Was u in 'n motor ten tye van die observasie? -- Vroeër die dag was ek nie in die motor nie. Ek was in die oop erf, nie oop erf nie, die erf was vreeslik oop aan die voorkant, die bure s'n, was ek te voet en later die dag toe die mense 'n bietjie meer kom, het ek in die voertuig geklim aangesien dit op daardie stadium probleme sou veroorsaak het of myself in gevaar sou gestel het.

Was u self sigbaar deur die mense wat die partytjie daar bygewoon het? -- Vroeër die dag was ek nie baie sigbaar nie, maar later die dag was ek sigbaar aan die mense wat teenwoordig was by die party.

U het in verband met verskeie van die persone wie se name ek genoem het, die poste wat hulle beklee in verskeie organisasies ook van melding gemaak. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Is daar 'n algemene patroon in die verband waarvan u hierdie inligting gekry het? -- Dit is nie inligting nie, dit is algemene kennis. Dit is alombekend, nie net aan my nie, maar aan die publiek ook. Spesifiek die publiek in Mankweng en omgewing.

Maar ons is besig slegs met u getuienis hier. Die vraag is waar u die inligting vandaan gekry het? -- Soos ek vroeër getuig het dat hierdie persone is persoonlik aan my bekend, ek besoek hulle by hulle wonings, ek voer onderhoude met

... / hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

hulle en uit die gesprek het hulle self vir my gesê, afgesien daarvan dat dit algemene kennis is.

Kan ons met met Peter Mokaba handel. Hy is die eerste persoon wat u geïdentifiseer het as 'n bekende figuur in Mankweng of die UDF Koördinerende Komitee ... (Mnr. Fick kom tussenbei

MNR. FICK : My Geleerde Vriend is nou besig met onnodige kruisverhoor. Dit is 'n erkenning van hulle gemaak het in AAS(5) bladsy (xii).

HOF : Wat sê u, mnr. Tip?

MNR. TIP : Ek sal self my erkennings moet nagaan.

HOF : Dit lyk vir my u en mnr. Fick raak verstrik in u eie erkennings. Die een die een dag en die ander die volgende dag. Ek sal nou 'n verdaging neem dan kan u na u lys van erkennings kyk.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ANDRIES JOHANNES GERHARDUS ERWEE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP (vervolg) : Kaptein, net een laaste vragie in verband met die poste wat die mense beklee het. U antwoord is dat u eie kennis strek vanuit die inligting wat die persone self aan u oorgedra het? -- Onder andere, ja.

Is die onder andere algemene inligting wat daar in die gemeenskap rondsweef as 't ware? -- Dit is korrek.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kaptein, die foto's 47 en 48 van die partytjie is klaarblyklik buitekant die huis geneem? -- Dit is korrek.

Is dit agter die huis of langs die huis? -- Dit is agter en langs die huis. Die tafels is langs die huis.

Met ander woorde, die huis is nie tussen die straatfront

... / en

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

en die mense wat hier sit nie? -- Nee.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. HANEKOM : U Edele, die volgende getuie is Hendrik Molema Mochudi. Die getuie gaan getuig oor Thabong Welkom.

HENDRIK MOLEMA MOCHUDI, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Mochudi, u is 'n verslaggewer by City Press?-- Dit is so.

Gedurende 1984 was u 'n vryskut joernalis by The Friend, Special Newspaper in Bloemfontein? -- Ja.

Gedurende die begin van 1984 het u in u hoedanigheid as verslaggewer 'n vergadering bygewoon in die Rooms-Katolieke Kerk, Thabong? -- Ek sal nie sê gedurende die begin nie, maar gedurende 1984 in die algemeen.

Kan u dit enigsins nader bring na 'n maand toe? -- Nee.

Wat se vergadering was dit? Waaroor het dit gegaan? -- Hierdie vergadering was oor die "One Million signature campaign."

Was die kampanje by hierdie vergadering geloods? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Was dit 'n loodsingsvergadering? Het die kampanje - is die kampanje daar bekend gestel? Sou die kampanje daarvanaf gevoer word? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

HOF : Die advokaat wil weet of dit 'n "launch" van die "million signature campaign"? -- Ja, volgens die advertering daarvan.

MNR. HANEKOM : Het u tydens die vergadering foto's geneem? -- Ja, dit is so.

Ek toon aan u 'n stel van agt foto's. Dit sal BEWYSSTUK AAY(55) wees. Sal u net deur die agt foto's wat u nou voor u het kyk? -- (Getuie kyk deur foto's)

Het u daardie agt foto's geneem by die vergadering? -- Ja, dit is so.

... / Ken

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ken u enige persoon wat op enige van die agt foto's uitgebeeld word? -- Ek sal nie sê ek ken die persone op hierdie foto's nie, maar wat ek wel kan sê is dat die persoon wat my gedagvaar het om by die hof te kom op 'n subpoena is die persoon wat aan my gesê het dat ek hierdie persoon kan identifiseer as Terror Lekota. (Getuie wys na foto AAY(55)(vii).

HOF : Beteken dit nou dat u 'n klomp foto's geneem het van 'n klomp mense sonder dat u weet wie op die foto's is? -- Wat gebeur het, is, by hierdie vergadering was mense voorgestel as gevolg waarvan ek toe die persone vir die eerste keer geken het in die sin dat hulle voorgestel was. Daarna het ek my verslag geskryf en hierdie foto's deurgestuur tesame met die verslag wat ek opgestel het na Bloemfontein toe.

Hoe moet die mense wat die verslag dan kry weet wie is op die foto's? -- Ek het 'n "caption" op elke foto gehad onder wat ek deurgestuur het.

So, by elke foto het u 'n naam deurgestuur? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Kan u nou nog die name onthou van die mense wat uitgebeeld word op die foto's of nie? -- Nee, ek kan nie die name onthou nie.

Nie op enigeen van die agt foto's nie? -- Nee.

Kan u onthou wie die sprekers op die vergadering was? -- As ek reg onthou nog, was die persone wat by die tafel was almal die sprekers.

U kyk nou na 'n foto. Watter foto is dit? -- (Getuie wys na foto AAY(55)(viii)

Op die foto AAY(55)(viii) word ses persone uitgebeeld agter 'n tafel. Sê u hulle was al ses sprekers by hierdie geleentheid? -- Ek vermoed hulle was die sprekers gewees. Ek is nou nie meer so seker of hulle almal sprekers was nie.

Die persoon wat ons sien op AAY(55)(i)word ook uitgebeeld

... / op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

op AAY(55)(vi)? Op AAY(55)(vi) staan hy voor die tafel. Kan u onthou of hy 'n spreker was? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Kan u nog onthou wat enige van die sprekers gesê het daar op die vergadering? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het u net een stel foto's, die stel wat u nou voor u het, gemaak of het u meer afdrukke van dieselfde foto's gemaak? -- Wat ek gedoen het eintlik was, ek het die film laat ontwikkel en die oorspronklikes het ek na die nuusblaaie toe gestuur. Daarna het ek toe versoeke ontvang van mense dat hulle gevra het of ek nie afdrukke van hierdie foto's kan laat maak nie. Na aanleiding waarvan ek toe twee bundels gemaak het van dieselfde tipe foto's of laat maak het en dit aan hulle verkoop het.

Is dit verkoop aan mense in Thabong? -- Ja.

HOF : En elders? -- Nee.

MR TIP ASKS FOR A SHORT ADJOURNMENT.

WITNESS STANDS DOWN.

HENDRIK MOLEMA MOCHUDI, still under oath

CROSS-EXAMINATION BY MR TIP : Mr Mochudi, were you at the meeting until it came to an end? -- No, I did not wait until the end of the meeting.

You took your photographs and made your report and sent them off? -- That is so.

There is just one aspect that I would like you to just amplify for us if you will and that is in connection with the person you mentioned who issued the summons, the subpoena, I beg your pardon. What were the circumstances of that? When did that take place? -- On Saturday morning at 08h30 he called my place and he wanted me to accompany him to his office. I did so. When we got to his office he told me that I have got to go and testify on 23 June at Delmas Court.

... / Are

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Are you able to tell the Court who this person was who came to your place with this information? -- Yes, I can.

Who was it? -- They call him Warrant Officer Hugo.

And was he in the company of any police officer? -- The Black police. I only know him by the name Sekukuni.

Are you still resident in Thabong? -- That is right.

When was it that you saw these photographs in the company of Warrant Officer Hugo? -- When we got to his office. He showed me then these photographs.

The police offices in Thabong police station? -- In town.

In Welkom? -- Yes.

Would you tell His Lordship how it came about that - I have noted your evidence as follows "het my gesê ek kan die persoon identifiseer as Terror Lekota" and then you referred to photograph AAY(55)(vii)? -- The reason was because I first refused to go and testify about people I did not know, as a result of which then he said to me he does not know them either. The only person he knows is this one Terror Lekota.

Did Warrant Officer Hugo indicate to you what sort of evidence you will be required to give here? -- That is so.

Could you tell us as closely as possible what he said to you? -- What he said to me was when going to testify it is required of me that I will have to make mention that I am the one who took photo's at a meeting of the million signature campaign, on which then he further gave me the date of the meeting, as a result of which I said to him I cannot recall the date and therefore I am not prepared to accept any date he gives me. That is what he told me.

Were these photographs in his office and did you bring them with you? -- I found them in his office.

... / I

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

I just want you to deal with the one photograph, the one I have mentioned AAY(55)(vii) and if you will again relate to His Lordship what took place, what was said between you and Warrant Cfficer Hugo that gave rise to your evidence that the name Terror Lekota came into it? -- It was because of my having said to him that I was not going to come to Delmas and testify because I was not going to testify about people I did not know. As a result then of which he said to me he does not know them either, but he knows only one person, this very one (witness points at photo) Terror Lekota.

COURT : So, it is clear that this warrant officer knew nothing about this case? -- I do not know really.

MR TIP : You came to Delmas, you are in Delmas presently testifying. Did you have any interviews with any police officers or officials of the State here in connection with your evidence?

COURT : Mr Tip, where is this cross-examination leading? Is it disputed that this photograph AAY(55)(vii) is a photograph of Terror Lekota?

MR TIP : Certainly not.

COURT : Well, what is the purpose of the cross-examination? Are you attempting to create an impression that this witness was asked to give false evidence, because it is not false then?

MR TIP : No, it is certainly not false.

COURT : Well, where is the cross-examination leading us? Is it disputed that there was a meeting at which he took photographs? If that is not disputed, what is the purpose of the cross-examination because that is all he has placed before the Court?

MR TIP : What is placed before the Court is that he has said to Your Lordship that a police officer identified to him

... / the

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

the name of a person.

COURT : Which is normal. When these photographs are sent through to Welkom Charge-office with the instruction "Get the chap who took the photographs" and the chap says to him "I do not know anybody on these photographs and the warrant officer says "I know Terror Lekota", this is a normal discussion. Where is this leading?

MR TIP : The evidence of the witness is that the warrant officer said to him that he could identify this person as Terror Lekota after he had said to him he himself knew none of the persons on the photograph.

COURT : Well, to me it is strange. This witness cannot identify anybody on any of these photographs, but you can address me on that later. Go ahead.

MR TIP : The question was whether you had any interviews with police officers here in Delmas? -- That is so.

I just want to ask you very shortly, was there anything of a similar nature which arose during the course of that interviews? -- No.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. HANEKOM : Ek roep Mabel Manuel. Die getuie getuig oor Tembisa.

MABEL MANUEL, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mev. Manuel, u is die moeder van 'n dogter met die naam van Susan Manuel? -- Ja.

Het die dogter Susan gedurende 1984 skool gegaan in Tembisa? -- Ja, sy het skool gegaan. Nee, wat is nou?

Dit is twee jaar terug? -- Nee, sy het nie meer skool gegaan nie.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het sy gewoon in Tembisa? -- Sy het oor en weer gewoon. Op een stadium het sy in Tembisa gewoon, op 'n ander stadium by ons by die huis.

HOF : En waar is by u? -- In Edenpark.

Waar is dit? -- Langs Thokoza, Alberton.

MNR. HANEKOM : As sy in Tembisa gewoon het, by wie het sy gewoon? -- By Maggie Mazinkwa.

Wat het sy gedoen in Tembisa? Het sy gewerk? -- Nee, sy het nie gewerk op daardie tydstip wat sy dood is nie.

Weet u of sy daardie tyd, twee jaar terug, aan enige organisasie behoort het? -- Ek weet nie.

Is dit korrek dat op 5 November 1984 is sy oorlede in Tembisa? -- Ja.

Het u vasgestel onder watter omstandighede is sy oorlede? Wat het haar dood veroorsaak? -- Hulle het my die oggend ge-"phone", toe sê hulle vir my dat sy doodgeskiet was.

HOF : Hoe oud was sy? -- 23. Sy is op 20 April 1961 gebore.

MNR. HANEKOM : Het die polisie gehelp dat u haar lyk bekom? -- Ja.

Het u reëlings getref vir haar begrafnis? -- Ja.

Het die begrafnisondernemers gereël om die begrafnis te behartig? -- Ja.

Wie was die begrafnisondernemers? -- Baranjee and Sons.

Waar is hulle? -- In Germiston.

Waar was dit gereël sou die begrafnis plaasvind? -- Ons het dit vir Tembisa gereël.

Het u reeds betaal vir die begrafnis voor die begrafnis? -- Ja, ons het betaal.

Voordat julle die dogter kon begrawe het enige persone u per telefoon geskakel? -- Maggie Mazibuko het gesê daar is mense wat die lyk wil hê.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het Maggie Mazibuko u per telefoon gekontak? -- Ja.

MR TIP : I am not sure where this is going, but if we are now to rely on what Maggie Mazibuko said ... (Court intervenes)

COURT : I do not think we will rely on what Maggie Mazibuko said. It seems as if we are going to move in the direction of piracy.

MR TIP : It does appear to be so and also from anonymity to particular persons and I just sound a note of reserve.

COURT : I have noted that and if it does not materialise properly, we can take it up again.

MNR. HANEKOM : Wat het Maggie Mazibuko vir u gesê? -- Daar is mense wat die lyk wil hê.

Het sy gesê wie die mense is wat die lyk wil hê? -- Nee, sy het nie vir my gesê nie.

En dieselfde dag dat sy u geskakel het, het iemand anders u ook geskakel? -- 22h00 die aand.

Wie was dit wat u geskakel het? -- Ek weet nie wie dit was nie.

HOF : 'n Manspersoon? -- 'n Manspersoon.

MNR. HANEKOM : Wat het die man vir u gesê? -- Hy het vir my gevra wat het ek met die lyk gemaak, dit is hulle lyk, hulle wil dit hê.

Het u vir die man gevra wie hy is? -- Ek het net vir hom gevra hoe kan hy die lyk wil hê,want dit is myne.

Wat het julle toe verder gepraat? -- Toe sê hy die mense wat daar dood is, is hulle mense van die "stay-away."

Wat het verder gebeur? Wat het julle nog gepraat? -- Toe sê ek vir hom "As ek die lyk vir jou gee, hoe gaan ek jou sien? Hoe sal ek weet wie is jy?"

Wat gebeur toe? -- Toe sê hy ons moet die volgende dag by Germiston stasie mekaar ontmoet.

.../ Is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is u toe die volgende dag Germiston stasie toe? -- Ja.

Wat het daar gebeur by die stasie? -- Ek het Mtombane Mazibuko gekry, Maggie Mazibuko se dogter en twee onbekende mans. Ek ken nie daardie mans nie.

Was die Blankemans of Swartmans? -- Dit was Swartmense gewees.

Wat het julle toe daar gedoen? -- Sy het vir my gesê "Hier is die mense wat die lyk wil hê." Toe sê ek "Kom ons gaan Baranjee toe."

Is julle toe na Baranjee toe? -- Ja.

Wat het daar gebeur? -- Ons het toe daar gekom en toe het hulle gesê hulle wil die lyk hê. Ek het gesê hulle kan dit kry. Daar was nie baie gepraat nie. Toe sê ek net hulle moet die kis vat wat ons gekoop het. Toe sê hulle nee, hulle wil nie die kis hê nie, want daar is baie mense dood en hulle het hulle eie kiste.

Wat het toe verder gebeur? -- Toe sê ek vir hulle hulle moet die kranse neem, dan deel hulle dit vir daardie mense want dit is baie kranse. Toe sê hulle nee, hulle wil dit nie hê nie, hulle het hulle eie kranse.

Wat het nog gebeur? -- Toe was dit klaar by Baranjee. Toe het hy maar net my kar se nommerplaat gevat en vir ons gesê as ons begrafnis toe wil kom, kan ons kom. Ons het net ja gesê.

<u>HOF</u> : Maar die mense is nie aan u voorgestel nie? Hulle het nie name gehad nie? -- Nee. Ek het ook nie hulle name gevra nie.

Nou maar hoekom is dit dat u u dogter se lyk sommer so afgee? -- Ek het nie geweet nie, want ek het self ook al vir SAFFAS gewerk, Golden Smit. Ek het boekies ge"run" daar. Ek het nie geweet of sy miskien vir hulle gesê het as sy doodgaan

... / moet

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

moet hulle haar begrawe nie. Ek het dit nie geweet nie. Daarom kon ek nie te veel gestry het daaroor nie, want die mense se boekies het ook almal my naam opgehad. As hulle doodgaan moet ek hulle begrawe. Ek kon nie met hulle gestry het nie.

MNR. HANEKOM : Het die mense vir u gesê waar die begrafnis sou wees en wanneer dit sou wees? -- Nee, ons het niks verder gepraat nie. Dit was maar net Tembisa.

HOF : Het u 'n man? -- Nee.

Maar hoe sou u nou uitvind wanneer die begrafnis plaasvind as hulle nie vir u sê nie? -- Nee, ek het nie op daardie tydstip daaroor gedink nie. Ek kan nie leuens praat nie. Ek het nie daaroor gedink nie.

MNR. HANEKOM : Het u toe wel agterna uitgevind wanneer die begrafnis gehou is? -- Ja.

Wanneer was dit gehou? -- Dit was die tweede Saterdag. Ek kan nie meer mooi die datum onthou nie.

HOF : Was die dag wat u by die begrafnisondernemer was 'n Saterdag? -- Nee, dit was 'n Dinsdag en ek dink die volgende dag was ons saam met hulle daar. Ek kan ook nie meer onthou nie.

So, in die middel van die week was u daar saam met daardie mense en twee Saterdae later is die begrafnis gehou? -- Ja, een Saterdag is verby en die tweede Saterdag het hulle haar begrawe, soos ek gehoor het. Ek was nie by die begrafnis nie.

U is nie in kennis gestel van die datum van die begrafnis nie? -- Nee, ek het nie gehoor nie.

Niemand het u laat weet nie? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Na die begrafnis verby is, na die tweede Saterdag, soos u sê, het u enigiets gekry wat betrekking het op die begrafnis? -- Maggie Mazibuko se seun, Oupa Alfred Mazibuko het 'n brief daar by my gebring wat portrette op het.

... /Toe

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Toe sê hy vir my "Kyk wat het my ma gedoen, Mammie." Hulle sê vir my mammie. Toe vra ek vir hom "Wat is dit nou?" Toe sê hy vir my "Nee, kyk wat het my ma hier geskryf. Sy vat Mammie se kind en sy sê dit is haar kind en wat van my en wat van Mtombane?" Ek sê "Alles is verby, laat dit gaan."

Ek wys nou aan u 'n brief. Die brief wat u nou voor u het, is dit die brief wat u gekry het? -- Ja, dit is die brief.

HOF : Dit sal ABA(46) wees. Dit het as opskrif "Each one teach one" van COSAS en dit is blykbaar 'n begrafnisprogram.

MNR. HANEKOM : Op die tweede bladsy waar die foto's is, sal u net daarna kyk, asseblief. Daardie foto wat genommer is 4 aan die regterkant bo, was dit u dogter? -- Ja.

HOF : Dit is nou die een wat beskryf word as "Susan, daughter of Maggie and Elliot Mazibuko"? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wat hier geskryf staan, die eerste sin is verkeerd? Sy was nie die dogter van Maggie en Elliot Mazibuko nie? -- Nee, sy het daar gebly en daar het sy skoolgegaan. Ek het betaal vir haar om daar te bly en skool te gaan. Ek het vir haar klere en alles betaal vir die skool.

U het ook vir ons gesê sy is gebore in 1961? -- Ja.

Nie 1958 soos hier staan nie? -- Nee.

Dan staan hier "She started her school at Ekaleni Lower Primary School." Is dit reg? Was sy op daardie skool? -- Ek het nie geweet in watter skool sy was nie.

"In 1972 she proceeded to Shukumane School." Het u geweet of sy op daardie skool was? -- Ja, sy het nou na die hoërskool toe gegaan.

Was sy in daardie skool? -- In die hoërskool. Ek het gehoor sy gaan hoërskool toe.

... / Wanneer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wanneer het sy klaar gemaak met die skool? Watter jaar? Kan u onthou? -- 1976. In 1976 was dit seker daardie tyd wat daar gebaklei was in Tembisa. Toe kom sy self huis toe.

Dan die laaste sin sê sy het by "Mr Rooster" gewerk. Weet u of dit so was? -- Op daardie oomblik toe sy dood is het sy nie daar gewerk nie.

Het u enige van die ander mense geken wat se foto's saam met haar foto op hierdie brief is? -- Nee.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Mev. Manuel, het u dogter Susan vir 'n lang tyd by die Mazibuko's gewoon? -- Ja, sy het lank daar gewoon vir al haar skooltyd. Sy het weekeinde en die middel van die jaar en aan die einde van die jaar huis toe gekom.

HOF : Ek het nie die antwoord gehoor nie. Herhaal dit, asseblief? -- Sy het weekeinde, maar nie elke week nie, huis toe gekom en die ander vakansies deur die jaar, soos Junie en Desember. Dan het sy gewoonlik altyd huis toe gekom.

MNR. TIP : Dit sou seker dan 'n geval gewees het dat haar skoolvriende onder die indruk sou gekom het dat sy woonagtig was by die Mazibuko's? -- Ja, dit kan so wees. Ek kan nie nee sê nie.

En hulle kon onder die indruk gekom het dat Susan eintlik 'n dogter was van die Mazibuko familie? -- Dit kan so wees.

Het Susan wel op 'n stadium by mnr. Rooster gewerk? -- Sy het in Isando gewerk, maar ek weet nie wat die naam van die fabriek is of wie die eienaar daarvan was nie.

My Lord, at this stage, we have no instructions on this particular event, not surprisingly, with respect. It is by no means clear to us what the reference of this evidence might eventually be. I doubt whether we will need to trouble Mrs Manuel again, but at this stage I have no further questions

... / for

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

for the lady.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. HANEKOM : U Edele, die volgende getuie is sersant Errol Smith. Hy gaan ook getuig oor Tembisa.

ERROL SMITH, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die veiligheidstak gestasioneer te Tembisa? -- Dit is korrek.

Het daar in 1984 enige organisasies in Tembisa bestaan? -- Daar het bestaan.

Watter organisasies was daar? -- Daar was Tembisa Civic Association, Congress of South African Students ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag net 'n bietjie. Is Tembisa Civic Association afgekort? -- Dit is korrek.

Na wat toe? -- TCA.

En dan die volgende een wat u genoem het is? -- Congress of South African Students. Dit is COSAS. Ook die Tembisa Youth Organisation. Hy is afgekort na TYO.

MNR. HANEKOM : Het u persoonlike kennis gedra van wie op die besture van hierdie organisasies gedien het? -- Ja.

Hoe het u die kennis bekom? -- Die persone op die bestuur was persoonlik bekend aan my en in die gemeenskap self waarin ek beweeg.

Wie was in 1984 die voorsitter van Tembisa Civic Association? -- Swartman Goba Ndlovo.

Wie het nog op die bestuur van die organisasie gedien wat u geken het? -- Swartman Ishmail Sieta, Greg Malebu, Amon Nsane en Solly Ngobise.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het u enige persoon geken in die Tembisa Youth Organisation? -- Ek het net die persone geken of een persoon geken wat hierdie Tembisa Youth Organisation georganiseer het.

Wie was dit? -- Dit was Swartman Michael Figo Madlala, ook 'n lid van die Tembisa Civic Association.

HOF : So, hy is lid van TCA en TYO? -- Hy was die organiseerder van TYO. Die stigterslid, as ek dit so kan stel.

MNR. HANEKOM : Het u die voorsitter van COSAS geken? -- Ek het hom persoonlik self geken.

Wie was dit? -- Bengesa Samson Mtombeni. Dit is van COSAS.

Het u ander bestuurslede van COSAS geken? -- Ek het die vise-voorsitter ook geken, Swartman Marcus Semetse. Sy Swartnaam was Molatetsi. Marcus Molatetsi Semetse.

Het u enige van die ander bestuurslede geken? -- Ek het die sekretaris ook geken, hy was Sipho Christopher Shabalala. Daar het ook somtyds 'n ander persoon opgetree as sekretaris.

Wat u geken het? -- Wat ek geken het.

Wie was dit? -- Swartman Philemon Letsela.

Het u enige ander bestuurslid geken van COSAS? -- Ja, ek het nog 'n bestuurslid geken, die streeksverteenwoordiger wat op die Oos-Rand Streekskomitee van COSAS gedien het, Swartman Tshepo Mphuti.

Was al drie hierdie organisasies aktief in Tembisa in die tydperk 1984? -- COSAS baie aktief. Tembisa Civic Association baie aktief. Tembisa Youth Organisation minder aktief, maar wel aktief.

Het hulle vergaderings gehou in die gebied? -- Hulle het wel vergaderings gehou in die gebied.

Is daar in 1984 plakkate in Tembisa ten toon gestel? -- Daar was plakkate ten toon gestel.

... / Van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Van watter organisasies? -- Van die United Democratic Front, die UDF en ook van die Tembisa Civic Association.

Waaroor het dit gegaan? Waaroor het die plakkate gehandel? -- Die UDF het plakkaat het kortliks gehandel daaroor dat die troepe uit die omgewing - dit is nou die SAP en Suid-Afrikaanse Weermag - moes onttrek. Van die UDF plakkate wat ek gesien het was getiteld Long live UDF. Ban apartheid."

Is daar in dieselfde tydperk ook pamflette versprei? -- Daar is pamflette versprei met dieselfde bewoording "Long live UDF. Ban apartheid."

Het u op van die pamflette wat u nou genoem het van "Long live UDF. Ban apartheid" beslag gelê? -- Ek het op een beslag gelê.

HOF : Dit sal ABA(47) wees.

MNR. HANEKOM : Ek toon nou aan u 'n pamflet ABA(47). Is dit die pamflet waarvan u praat waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Die pamflet wat u nou voor u het is 'n fotostatiese afdruk? -- Dit is korrek.

Het u in hierdie vorm daarop beslag gelê of het u dit oorspronklike gehad? -- As u mooi kyk na die pamflet, dan kan u 'n buitelyntjie sien. Hy was omtrent so groot soos die buitelyntjie. Ongelukkig het ek nie die oorspronklike gehou nie. Ek stuur gewoonlik die oorspronklikes deur na ons hoofkantoor terwyl ons die kopie self hou vir ons eie dokumentasie.

Het u die oorspronklike probeer bekom? Is hy nog beskikbaar? -- Ek het navraag gedoen omtrent die oorspronklike. Ek kon dit nie betyds by die hof kry nie. Ek het probleme gehad om die oorspronklike in die hande te kry.

Op die pamflet ABA(47) word onder andere gesê "UDF calls on you to support the struggle" en dan onder andere

... / against

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

"against government imposed community councils." Is daar 'n veldtog teen die gemeenskapsrade in Tembisa gevoer in daardie tydperk? -- Dit is korrek. Daar is wel veldtogte teen hulle gevoer.

Net deur UDF of ook deur ander organisasies ook? -- Deur die Tembisa Civic Association ook, meestal.

Was daar in dieselfde tydperk 1984 enige slagspreuke in die Tembisa gebied aangebring teen konstruksies en geboue? -- Dit is korrek. Daar was vele slagspreuke aangebring.

Waar is die slagspreuke aangebring? -- Dit is gewoonlik op bushaltes, die huisies, die elektriese boksies, ek weet nie presies wat die woord daarvoor is nie, die elektriese ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Transformatorkassies? -- Transformatorkassies, ja. Dit is korrek en ook teen daardie transformatorhuise, die geboutjies wat opgerig is wat met draad omhein is.

MNR. HANEKOM : Wat se slagspreuke was dit? -- Dit is gewoonlik oor die algemeen wat ek daar gesien het "Viva COSAS, Viva UDF, Viva ANC, Councillors must resign.

Het u op 5 November 'n slagspreuk gesien by die Umfujaneni transformatorhuise in Tembisa? -- Dit is korrek.

HOF : 1984? -- Dit is korrek.

Is Umfujaneni 'n voorstad van Tembisa? -- Dit is 'n Seksie.

MNR. HANEKOM : Wat was die slagspreuk? -- Dit was 'n tekening gewees van 'n AK47 geweer in groen spuitverf. Onder aan was daar geskryf "Be careful AK47," en "Viva ANC" was daar ook geskryf en "councillors must resign".

Het u self gereël dat die slagspreuke doodgeverf word? -- Ek het persoonlik self daartoe toegesien. Ek het gereël met die plaaslike Stadsraad.

Op 14 Oktober 1984 is 'n herdenkingsdiens gehou in die

... / Matole

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Matole Cinema in Tembisa? -- Korrek.

MR TIP : My Lord, the indictment period reads approximately 19 October 1984 to 23 November 1984 and depending on what the State intends to make of 14 October, if it is background perhaps it would be admissible.

COURT : Does it not fall within the period?

MR TIP : 14 October.

COURT : What is the period mentioned in the indictment?

MR TIP : 19 October 1984. It is very specific.

COURT : Is the State not entitled to have a bit of leeway either way in terms of the Criminal Procedure Act?

MR TIP : It is, but one would have anticipated that if a specific event on the 14th had been in mind, it would have been entered here for us to try and investigate.

COURT : Is there an objection or are you merely warning me that you will object later?

MR TIP : If the evidence is going to relate directly to an event on the 14th ... (Court intervenes)

COURT : I do not know what the evidence is going to be, neither do you. Are you objecting or are you not objecting?

MR TIP : Then I will let it run until it is clear that the event is on this day or not. If it is, then the objection will be made.

COURT : Well, do not tell me what you are going to do. Object when you object otherwise you sit down. The next question.

MNR. HANEKOM : Dit was in Matole Cinema in Tembisa gehou. -- Korrek.

Vir wie is die herdenkingsdiens gehou? -- Dit was vir 'n Swartman met die naam van Brian Mazibuko gehou.

Wie was hy? -- Hy was 'n mede-stigterslid van die Tembisa Youth Organisation. Hy was ook 'n persoonlike vriend

... / van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van Figo Madlala.

Het u by die gebou Matole Cinema observasie gehou? -- Persoonlik self, ja.

Het u enige van die persone wat u reeds in u getuienis genoem het die diens sien bywoon? -- Ja, ek het.

Wie was dit? -- Ek het drie persone opgemerk. Een is Michael Figo Madlala, ene Ishmail Sello Sieta, dit is Ishmail Sieta.

En die derde een? -- Die ander een was Goba Ndlovo.

HOF : Wie is Brian Mazibuko? -- Ek het genoem dat Brian was 'n mede-stigterslid van ... (Hof kom tussenbei)

Nou waarom was daar 'n herdenkingsdiens vir hom gehou? -- As ek u kortliks kan inlig. Brian Mazibuko het hulle opgetel in die lokasie met 'n mes in sy rug. Hy was vermoor. Die polisie het die saak ondersoek. Ek weet nie of hulle op enige beskuldigdes afgekom het of enige verdagtes nie, maar Brian Mazibuko was vermoor. Hulle het hom gevind met 'n mes in sy rug in die lokasie.

En is hy vermoor in Oktober 1984? In daardie tyd? -- Hy is voor die tyd vermoor, maar die herdenkingsdiens was vir daardie dag gehou.

Maar ek bedoel is hy nou jare gelede al vermoor of is hy in daardie tyd vermoor? Is dit 'n jaarlikse ding dat hulle dit herdenk? -- Dit was die eerste herdenkingsdiens vir hom wat hulle gehou het. Ek dink hy was, ek is nie seker nie, ek is nie seker van die datum nie, maar vroeg 80's is hy al vermoor.

O, dit is al 'n lang tyd vantevore wat hy vermoor is? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Het u enige baniere in die omgewing opgemerk? -- Ja, ek het 'n banier van die Congress of South African Students opgemerk terwyl hulle hom in die saal ingedra het.

... /Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was daar in Tembisa 'n begrafnis - laat ek dit anders formuleer. Was op 17 November 1984 'n begrafnis gehou in Tembisa? -- Dit is korrek.

Waar is die begrafnisdiens gehou? -- Dit is 'n lang tyd terug, maar ek kan noem dat die Matole Cinema en die Jan Lubbe Stadion vir die begrafnis gebruik was.

Weet u wie begrawe is? -- Daar was gedurende 5 en 6 November 1984 'n aantal persone gedood in gevegte met die polisie. Daar is op die betrokke dag sewe persone begrawe in Tembisa.

HOF : Is dit nou op 17 November? -- Dit is korrek.

1984. -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Het u observasie gehou buite die gebou waar die diens gehou is? -- Ek was meer betrokke by die begraafplaas self. Ek het daar wel observasie gehou.

Was daar baniere vertoon by die begraafplaas? -- Daar was baniere vertoon.

Wat se baniere was dit? -- Dit was van die Congress of South African Students, Federation of South African Women, dit is FEDSAW - COSAS en FEDSAW en ook van die UDF en Mamelodi Youth Organisation, MAYO is die afkorting.

Dit sluit die begrafnis af. Was daar gedurende die tydperk 19 Oktober 1984 tot 23 November 1984 op enige stadium padversperrings in Tembisa? -- Padversperrings wel.

Wat is gebruik vir versperrings? -- In Tembisa het ons hierdie groot staal asverwyderingsbakke wat slegs deur 'n vragmotor opgetel kan word, gevind wat gewoonlik in die pad gesleep is. Ook is brandende voertuigbande gebruik, klippe en rotse en ook van die tafels en stoele. Dit is nie los van mekaar nie. Dit is 'n tafel/stoel van die biersale wat hulle afgebrand het gedurende daardie tydperk. Hulle het dit gebruik en in die paaie gesit.

... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was daar oproer in die tydperk wat ek genoem het 19 Oktober tot 23 November 1984? -- Daar was oproer gewees.

MR TIP : My Lord, it appears that I may be able to get instructions on certain of the matters that the witness has touched on. I can begin now, but it might be more efficient ... (Court intervenes)

COURT : Well, if it would expedite matters, we can take the adjournment now.

MR TIP : I believe it would.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ERROL SMITH, nog onder eed

HOF : Mnr. Tip, voordat u die getuie begin kruisvra, is daar net 'n paar vrae wat ek wil vra. Dit sal miskien die posisie vergemaklik, maar net voordat ek die getuie 'n vraag vra, het u my ABA(44), die May Day boekie?

MNR TIP : Nee, dit is aan u terugbesorg.

HOF : Wanneer het die eerste oproer in Tembisa begin? Kan u onthou? -- In Oktobermaand het dit reeds begin. Ek kan nie die datum meer so mooi onthou nie, maar van Augustusmaand af was daar los voorvalle gewees. Oktober het dit baie erg geword en het dit baie, baie sleg gegaan in ons woongebied in Tembisa.

Is daar skade aangerig in die oproer? -- Daar is geweldige skade aangerig.

Aan geboue en motors? -- Geboue, motors, wonings.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Sersant Smith, was u die hele 1984 gestasioneer te Tembisa? -- Dit is korrek, ek was daar gestasioneer. Nie die hele 1984 nie. Eintlik was ek op Benoni werksaam voordat ek op 1 Maart op Tembisa begin het. Voor dit was ek betrokke met Benoni en hoofkantoor en ook 'n

... / bietjie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

bietjie opleiding.

Was u vanaf 1 Maart 1984 voltyds te Tembisa? -- Dit is korrek.

En is u nog daar? -- Ek is nog daar.

Was u oorgeplaas Tembisa toe? -- Dit is korrek. Ek is oorgeplaas Tembisa toe.

En het u direk betrokke geraak by die organisasies waarvan u melding gemaak het? -- Dit is korrek.

Dra u kennis van enige ander organisasies in Tembisa behalwe dié wat u hier gemeld het?

HOF : Bedoel u politiek of kerklik?

MNR. TIP : Organisasies wat in een of ander sin op politiek neerkom? -- Ja, ek dra kennis van nog een organisasie.

Wie is dit? -- Dit is die Tembisa Women's Group.

HOF : Word hulle ook afgekort? -- Hulle kort hom gewoonlik af. TWG en dan noem hulle hom in Engels "TWG".

MNR. TIP : Daar is iets wat nie vir my duidelik is nie in u getuienis. U is deur My Geleerde Vriend gevra hoe het u kennis bekom ten opsigte van die persone wat lede is van die bestuursliggame van die verskillende organisasies. Onthou u dit? -- Ja, bedoel u hoe het ek kennis gekry - die manier waarop ek kennis gedra het van hulle?

Ja. -- Of bekom het?

Hoe het u dit bekom? -- Ek het geweldig baie in die gemeenskap van Tembisa beweeg. Ek het ook baie Swartvriende in Tembisa. Ek het ook van die persone wat ek genoem het persoonlik ontmoet en dit is ook algemeen bekend onder die gemeenskap van Tembisa dat hierdie persone wat ek genoem het en organisasies in Tembisa bestaan.

Wie is u vriende van die persone? -- Van dié wat ek genoem het?

... / Ja

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ja?-- Ja, wel, hulle is nie my vriende nie. Ek bedoel ander mense in die lokasie is van my vriende. Soos ek gesê het ek het die mense van die TCA en COSAS persoonlik ontmoet en ek handhaaf 'n baie goeie gesindheid met hulle.

Waar het u hulle ontmoet? -- By hulle wonings. Party het soms na ons toe gekom in die verlede en ook gevra vir toestemming om vergaderings te hou in die gebied en daardeur het ek hulle ook leer ken.

Het u die afkorting TYO dikwels in Tembisa gesien? -- Nie so dikwels nie. Tembisa Youth Organisation. Nie dikwels nie, maar hulle het wel - dit val nie binne die tydperk nie, het ek al een dag gesien, ek dink dit was in Augustus, was daar wel, dit was in 1985 - het ek hulle ook gesien tydens 'n demonstrasie voor die polisiestasie.

Daarin stel ons nie belang nie. Ek stel dit aan u dat daar eintlik geen organisasie in Tembisa bestaan wat Tembisa Youth Organisation genoem is nie? -- Dit is eintlik baie interessant. Die Tembisa Youth Organisation het wel in naam bestaan, maar ek moet my uitlaat daaroor dat die organisasie se vorige naam die MYO Youth Movement was, maar dit was vroeg in 1984. Dit was die MYO Youth Movement om een rede dat mnr. Madlala, Figo Madlala wou die organisasie MYO doop en hy wou die organisasie in 'n Katolieke, die MYO Katolieke Kerk wat tans in Esangweni seksie is in Tembisa stig. Die organisasie MYO - die naam MYO, die Katolieke Kerk wou nie juis hê die naam van die organisasie moet met die Kerk verbind gewees het nie en daarom het hulle nie juis belang gestel in die MYO Youth Movement nie en toe het Madlala gesê dat hy liewer die organisasie 'n ander naam sal gee en gevolglik het hulle die naam herdoop na die Tembisa Youth Organisation.

U was self nie teenwoordig ten tye daarvan nie? -- Ek was

... / nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie self teenwoordig nie, nee. Bedoel u nou terwyl die organisasie herdoop is?

Toe dit gestig is en gedoop is ensovoorts? -- Nee, was nie teenwoordig nie.

HOF : Is MYO 'n voorstad? -- Nee, dit is die naam van 'n Katolieke Kerk wat die Swartes gedoop het in Esangweni seksie.

MNR. TIP : Ek gaan nie verder daarmee nie, maar ek stel dit net aan u dat volgens my inligting op hierdie stadium ten minste was daar nooit so 'n organisasie soos die Tembisa Youth Organisation nie. In die algemeen in verband met plakkate, het u getuig dat daar wel plakkate in Tembisa verskyn het. Het u ooit of is u vandag in staat om oor enige besondere plakkaat te getuig oor wat u op 'n besondere plek en op 'n besondere tyd gesien het? -- Nee, daar was so baie plakkate daardie tyd. Ek kan nie in die besonder uitwei oor enige plakkaat nie, maar daar was 'n redelike hoeveelheid polities verbandhoudende plakkate wat ons wel gevind het.

U getuienis het so gelui dat dit in 1984 was? -- Dit is korrek.

As u nou verwys na gedurende hierdie tydperk, bedoel u in 1984? -- Dit is korrek.

En geld dieselfde in verband met die pamflette waarvan u gepraat het? -- Dit is korrek.

Is u getuienis dat gedurende 1984 u baie pamflette gesien het wat versprei was? -- Ja.

Maar dat u vandag nie in staat is om ... -- Soos ek weer kan herhaal, daar was geweldig baie versprei.

Die pamflet ABA(47) wat u hier ingehandig het, kan u nog onthou presies op watter datum u daarop beslag gelê het? -- Dit was gedurende 5 of 6 November. Ek is nie seker nie, maar dit was laterig in 1984.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Dit is die dag van onluste blykbaar? Daar moes kwaai onluste gewees het, want daar is 'n paar mense oorlede? -- Daar was 'n redelike paar mense oorlede, alhoewel sewe net begrawe was in Tembisa. Meer as sewe het gesterf.

MNR. TIP : Maar u is nie seker daarvan nie. U kan slegs sê dit was laat in 1984? -- Ja. Soos ek weer herhaal, daar was vreeslik baie versprei. Van die pamflette het ons sommer summier weggesmyt, omdat daar sulke groot hope in my kantoor opgestapel het.

Wanneer het u vir die eerste kennis gedra van die feit dat u in hierdie saak getuienis sal moet kom lewer? -- Dit was omtrent twee weke terug.

Watter pogings het u aangewend om die oorspronklike van ABA(47) in die hande te kry? -- Ek sal vir u verduidelik hoekom dit vir my moeilik was. U sien, in 1984 het die Tembisa veiligheidstak nog sorteer onder die veiligheidstak Benoni. Daar was 'n sub-kantoor in Tembisa self wat voltyds beman was deur my en ander twee lede, Blankelede en Swartlede sowel. Veiligheidstak Tembisa het 'n volwaardige veiligheidsfunksionerende tak geword gedurende 1985 en voor die stadium in 1985 voordat ons 'n tak geword het, het al ons dokumente en ook lêersisteme en kommunikasiekanale deur Benoni gefunksioneer. Dit was vir my moeilik na die afstigting van Tembisa om weer eens te gaan navors in 'n ander tak se dokumente en lêers oor Tembisa aangeleenthede, veral om hierdie oorspronklike pamflet in die hande te kry.

U sê dus dat weens die moeilikhede u geen poging aangewend het om die oorspronklike in die hande te kry nie? -- Ek het 'n poging aangewend.

Wat het u gedoen? -- Wat het ek gedoen?

Ja? -- Ek het Benoni geskakel en het self ook na Benoni

... / toe

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

toe gegaan om te gaan uitvind of hulle nog oor so 'n oorspronklike pamflet beskik en ek het met die hulp van die Administrasieklerk veiligheidstak Benoni dokumente deurgegaan om spesifiek na daardie pamflet te soek en daar is pertinent in ons verslag genoem dat daar slegs op een beslag gelê is.

Kan 'n mens daarvan aflei dat die besondere pamflet een van die groot aantal pamflette was? -- Dit was een van die groot aantal pamflette. U sien, wat gebeur is, ek kyk gewoonlik op en ek skakel mense as ek 'n pamflet kry. Dié wat ons reeds gevind het, stuur ons nie aan nie. Dit vernietig ons plaaslik. Dié wat ons vind wat nog nie voorheen gerapporteer is in Tembisa gebied self nie, daardie een stuur ons gewoonlik deur.

Ek wil kortliks na die aspek van slagspreuke gaan. U het weer in die algemeen getuig oor slagspreuke. Vele was aangebring? -- Dit is korrek. U weet, Tembisa is 'n baie groot woongebied, baie groot en daar is talle, daar is letterlik honderde van hierdie elektriese transformatorkassies. Daar is talle van hierdie transformatorhuisies te vind.

En u getuienis verwys na die jaar 1984 daaromtrent? -- Dit is korrek.

U het wel melding gemaak van besondere slagspreuke wat u op 5 November 1984 by die Umfujaneni voorstad gevind het? -- Dit is korrek. 'n Mens kan dit nie mis nie. Sodra jy in Tembisa inkom, sit hy groot en oop en bloot aan jou linkerkant. Jy kan dit nie mis as jy van Kemptonpark se kant af inkom in Tembisa nie.

Is hierdie die enigste slagspreuke wat u nou kan onthou? -- Soos ek gesê het op die elektriese transformatorkassies - u weet, ek beweeg geweldig baie in die lokasie en ek sien op die elektriese transformatorkassies baie slagspreuke. Dit

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is vandag nog daar. Ons kan nie bekostig om te gaan slagspreuke afhaal nie. Dit sal ons in ons werk belemmer om almal te gaan afhaal nie. Ons verwyder gewoonlik die groot opruiende slagspreuke. Dié slagspreuke wat die gemeenskap kan ontstig en ontstel.

My vraag was eintlik net gemik op die spesifieke aspek, dat dit die enigste groep slagspreuke is wat u by 'n besondere plek op 'n besondere datum kan vasstel? -- Ja, dit is korrek. Ek kan onthou ek was nog persoonlik self op 'n patrollievoertuig en ek moes persoonlik self gaan toesien het dat daardie slagspreuk verwyder moes word.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM</u> : Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>.

- - - - - - - - - -

<u>MNR. HANEKOM</u> : U Edele, die volgende getuie is Stephanus Muller. Hy gaan getuig oor Duduza. Dit is by Nigel.

<u>STEPHANUS MULLER</u>, v.o.e.

<u>MNR. TIP</u> : Dit is nou nie eintlik 'n beswaar nie, maar dit is 'n moeilikheid wat ons gaan ondervind in verband met getuienis oor Duduza.

<u>HOF</u> : Is u nie voorbereid op hom nie?

<u>MNR. TIP</u> : Dit is weer 'n vraag van iets wat ons nie verwag het nie. Ek kan dit probeer afhandel afhangende van wat die getuienis is, maar ek maak nou maar net melding daarvan.

<u>HOF</u> : Wat is die probleem, mnr. Hanekom? Het julle hulle nie kennis gegee van hierdie getuienis nie?

<u>MNR. HANEKOM</u> : Ons het gesê die drie gebiede Tembisa, Tjakane en Duduza. Ek dink mnr. Tip het gereken dit moes in 'n ander volgorde gewees het. Ek dink nie ons was gebind aan 'n volgorde nie, maar die drie gebiede was genoem vir vandag.

<u>MNR. TIP</u> : Ek het beslis verstaan dat dit die volgorde

... / sou

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sou hê Tembisa, Tjakane en Duduza.

HOF : Miskien kom daar niks oor Tjakane nie. Dan is ons mos nou by Duduza.

MNR. TIP: Nou ja, as dit die geval is, dan sal dit iets wees waaroor almal dankbaar gaan wees.

HOF : Dit was nie 'n beswaar nie. U kan voortgaan.

MNR. HANEKOM : Net voor ek voortgaan moet ek sê ons het probleme met Tjakane, want dit is hoofsaaklik polisiegetuies en daar is vandag onluste en die mense het laat weet hulle kan nie kom nie.

MNR. TIP : U Edele, ek wil net op rekord plaas dat beskuldigde nr. 9 weer terug is.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Muller, u is die assistent gebiedsdirekteur van die Oos-Randse se Ontwikkelingsraad en u is oorhoofs in beheer van die Swartdorp Duduza? -- Dit is korrek.

Was daar oproer en onluste in Duduza in 1985? -- Daar was.

Wanneer het dit begin en tot wanneer het dit geduur? -- Dit het begin Oktober 1984 tot hier aan die einde van Junie 1985.

Ons praat van die periode 1985 sedert Februarie 1985, was daar spesifieke teikens vir die onluste? -- Daar was teikens. Dit was regeringsgeboue, Ontwikkelingsraadsgeboue, biersale, bierdepot, huis van 'n lid van die Gemeenskapsraad wat alreeds bedank het en sy besighede, 'n vulstasie en 'n algemene handelaarsbesigheid, huise van die SAP Swartkonstabels, Ontwikkelingsraadpersoneel en bewaarders.

Wat was die aard van die aanvalle op die geboue wat u nou genoem het? -- Dit was aangeval met klippe asook huise gebrand. Die totaal wat beskadig was wat huise betref was 48.

HOF : 48 wat met klippe en brandbomme beskadig is of wat net

... / gebrand

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gebrand het? -- Nee, met klippe en met brandbomme.

Hoekom begin u getuienis in Februarie? Was daar voor Februarie 1985 nie spesiale teikens gewees nie? -- Daar was.

MNR. HANEKOM : Is voertuie ook aangeval in hierdie tyd? -- Voertuie van die SAP is gebrand in die garages aangrensend aan die huise, asook privaat voertuie in die pad self wat met klippe aangeval is. Dan ook busse van die Stadsraad van Nigel. Twee busse is uitgebrand en heelwat is beskadig as gevolg van klipgooiery.

Was daar 'n spesifieke voorval op 18 Mei 1985? -- Daar was. Dit was 'n begrafnis van 'n Swartvrou met die van van Tobela. Na die begrafnis is daar 14 huise gebrand en 'n besigheid van die gewese raadslid waarna ek alreeds verwys het.

HOF : Wie is hy? -- Mnr. Namane.

MNR. HANEKOM : Gedurende die onlusperiode het u in die Duduza woonbuurt rondbeweeg, rondgery? -- Ek het heelwat daar rondbeweeg.

Is u self aangeval? -- Op drie geleenthede was ons met klippe gegooi, ja.

Was daar in die tyd enige padversperrings opgerig? -- Daar was baie padversperrings. Daar was groot klippe in die paaie gepak, bushuisies is afgebreek en in die paaie opgerig as padversperrings en op 'n stadium het hulle nagemmers ook oor die paaie gepak.

Was daar op nog 'n manier versperrings aangebring? -- Op een stadium het hulle oor die grondpaaie slote gegrawe met die doel dat polisievoertuie en ons voertuie seker daar moes inbeweeg.

MR TIP : If I could appeal to Your Lordship - to the witness that he just testifies as to what he saw and not his conclusions.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Het u dit begryp? Die sloot kon ook gegrawe gewees het om 'n elektriese pyplyn te lê byvoorbeeld of 'n waterpyp. Enige ding is moontlik.

MNR. HANEKOM : Het daar enige voertuie in van die slote beland? -- 'n Casspir van die SAP het wel in een van die slote beland.

In die tyd wat u in die gebied beweeg het gedurende die onluste was daar iets opmerkliks vir u aangaande die mense se kleredrag? -- Ek het heelwat COSAS T-hempies opgemerk wat in die skare in was.

Weet u of daar gedurende 1985 enige organisasies aktief was in Duduza? -- Civic Association en COSAS was baie aktief.

Wat is die naam van die Civic Association? -- Duduza Civic Association.

HOF : Word hy afgekort? -- DUCA.

MNR. HANEKOM : Het enige van die organisasies in 1985 massavergaderings gehou in Duduza? -- Daar was heelwat vergaderings gehou in die saal en in kerke.

Om net duidelikheid te kry, u praat van die saal, verwys u na die Gemeenskapsaal? -- Ek verwys na die Gemeenskapsaal. Ons het twee sale wat hulle gebruik het, die Gemeenskapsaal en 'n kerksaal wat ons noem. En die gimnasium.

Het u van die vergaderings wat in die sale gehou is onder observasie gehou? -- Ons het dit onder observasie gehou.

Watter organisasies het vergaderings gehou wat u so onder observasie gehou het? -- Dit was COSAS, Civic Association, alhoewel ek moet meld ons het hulle nooit toestemming gegee om die saal te gebruik nie.

HOF : Het u vir COSAS nie toestemming gegee nie of vir DUCA nie of albei nie? -- Vir albei nie.

Waar het hulle dan die sleutels gekry? -- Hulle het net daardie sale uit en uit gevat. Baiekeer onder die dekmantel

... / van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van Students and Parents Committee wat in Duduza gestig was.

MNR. HANEKOM : Bedoel u dit is onder die dekmantel van so 'n vergadering bespreek die saal? -- Dit is reg. Gewoonlik na daardie vergaderings was daar probleme gewees.

HOF : Wat bedoel u met probleme? -- As hulle uitkom uit die saal uit word daar gesing, Swartmagteken word gewys en die SAP is gewoonlik aangeval met klippe.

MNR. HANEKOM : Het dit ooit gebeur dat van die organisasies die saal gebruik het sonder om hom te bespreek? -- Dit het wel gebeur.

Hoe het dit gebeur? Hoe het hulle toegang verkry? -- Dit is net 'n kwessie van intimidasie. Hulle vat die saal. Dit het by verskeie geleenthede gebeur.

MR TIP : My Lord I am sorry to rise again, but for some time now the witness has been testifying in the most general possible terms about "gewoonlik" this and "gewoonlik" that, what leads off as a conclusion taht is intimidation and may I again appeal for evidence of a direct and distinguishable nature with which the defence can try to grapple.

HOF : Mnr. Hanekom, u moet die getuienis so lei dat ons kan vasstel dat dit die getuie se eie kennis is, anders gaan die getuienis naderhand in sy geheel mank aan hierdie vaaghede.

MNR. HANEKOM : Het u persoonlik kennis gedra van enige so 'n geval waar van die sale gebruik was sonder dat dit bespreek was? -- Ek het kennis gedra daarvan.

Wanneer het dit gebeur? In watter tydperk? -- Gedurende die tydperk voor 18 Mei.

1985? -- Ja.

Was daar gedurende 1985 in Duduza 'n veldtog gevoer teen die raadslede of die raadstelsel, die gemeenskapsraadstelsel? -- Daar was 'n veldtog gevoer.

... /Wie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wie het die veldtog gevoer? -- Ek weet nie, maar die gemeenskapsraad het - al die lede het bedank.

HOF : Wanneer het hulle bedank? -- Van Februarie 1985 af.

Tot? -- Tot Meimaand het die laaste twee bedank.

MNR. HANEKOM : Het die raadslede wat bedank het skriftelik bedank? -- Hulle het skriftelik bedank.

Het u die bedankingsbriewe gesien? -- Ek het die bedankingsbriewe gesien.

Wat het die raadslede aangegee as redes vir hulle bedankings? -- As gevolg van intimidasie.

MR TIP : My Lord, I object again to that. If the State wants to put the councillors' reasons, then let the councillors come and tell Your Lordship directly.

COURT : Do you want this witness to go and fetch these letters? Because that would be admissible. -- Ek het afskrifte van die briewe as dit sal help.

Do you want to see copies of the letters? The State need not call the councillors and whether they were or were not intimidated it does not necessarily follow from the fact that they said they were intimidated. This evidence is led on the basis that they gave as a reason that they were intimidated. Whether that is or is not so, might be hearsay, but surely this witness can lead evidence as to the reasons that were advanced. Whether they were correct or not, we have got to decide on all the evidence and I do not think that this evidence will lead very far.

MNR. HANEKOM : Wat het die raadslede aangevoer as redes vir die bedanking? -- Hulle het gesê hulle is geïntimideer en hulle gesinne is geïntimideer.

Weet u uit eie kennis persoonlik of van die raadslede geïntimideer is? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek gaan aan u 'n pamflet wys.

HOF : ABA(48).

MNR. HANEKOM : Die opskrif van die pamflet is "Duduza Civic Association Public Meeting." Adverteer dit 'n vergadering vir 17 Februarie 1985? -- Dit is korrek.

Herken u die pamflet? -- Ek herken dit.

Hoe herken u hom? -- Ons het hom in Duduza gekry.

Het u dit self gekry? -- Dit was deur my personeel aan my oorhandig.

Weet u of daar 'n vergadering wel plaasgevind het op 17 Februarie 1985? -- Daar het wel 'n vergadering plaasgevind.

Daar staan, die onderwerp van die vergadering was "No to the bucket system" en "more houses"? -- Dit is korrek.

Was dit 'n geskilpunt of 'n twispunt in daardie tyd? -- Dit is 'n geskilpunt nog steeds.

HOF : Albei? -- Albei.

Ek begryp nie die prentjie hier bo nie. Hier bo is 'n prentjie wat sê "Local bodies will be more open to bribary." Maar daar was tog op daardie stadium reeds 'n plaaslike bestuur, 'n raad, 'n gemeenskapsraad? -- Dit is korrek, ja.

Hoe lank het julle al 'n gemeenskapsraad daar gehad? -- Van 1979 af.

MNR. HANEKOM : Ek toon aan u 'n volgende pamflet. ABA(49). Saam met die pamflet, aan die pamflet vasgekram is 'n vertaling wat nie oorspronklik deel van die pamflet was nie. Herken u die pamflet? -- Ek herken die pamflet. Hy was ook in Duduza gevind.

Wanneer is dit gevind? -- Dit moes gewees het teen die begin van Junie, die eerste week in Junie 1985.

Ek toon aan u 'n volgende dokument. ABA(50). Die opskrif is "Commemoration service Duduza Gymnasium Hall South

... / African

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

African National Day, June 16, 1985." Herken u die pamflet? -- Ek herken hom.

Is die pamflet versprei in Duduza? -- Hy is versprei in Duduza.

Weet u of so 'n herdenkingsdiens wel plaasgevind het in die gimnasiumsaal op 16 Junie 1985? -- Ek kan nie daaroor getuig nie. Ek weet nie.

In die program word verwys na "Vetsak Women's Club." Het u so 'n klub geken? -- Vetsak is 'n fabriek in Nigel.

Dan toon ek aan u nog 'n pamflet. U Edele, hy gaan nie 'n nommer kry nie, hy is reeds ingehandig gister as ABA(9). Ek dink daar is net 'n fotostatiese afdruk gister ingehandig. Dit was by Mankweng gewees. Hierdie is 'n oorspronklike. Ek is jammer ek sien dit is ABA(3).

HOF : Dit is ABA(9) en ABA(3) wat amper dieselfde is. Dit is een van die twee. Laat ons net kyk. Dit is ABA(9).

MNR. HANEKOM : U het nou die pamflet voor u. Is die pamflet in Duduza versprei? -- Hy is in Duduza versprei.

Wanneer is hy versprei? Weet u? -- Gedurende Maart 1985.

Dan toon ek aan u nog 'n pamflet. ABA(51). Herken u die pamflet? -- Ek herken hom. Dit is ook in Duduza gevind gedurende Junie 1985.

Dan toon ek laastens aan u 'n plakkaat. ABA(52). Herken u die plakkaat? -- Ek herken hom. Hy was by die winkels opgeplak in Duduza in Junie 1985.

Was daar in die tydperk van Februarie 1985 af tot Junie/Julie 1985 slagspreuke in Duduza woongebied aangebring? -- Daar was aangebring.

Op watter konstruksies is dit aangebring? -- Op voorafvervaardigde mure, pilaarkaste, elektriese pilaarkaste, op die poskantoor wat gebrand was en op die gimnasium se mure.

... / Kan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Kan u onthou wat die slagspreuke was? -- "Viva ANC, Viva Umkhonto, Viva UDF."

Ek gaan aan u 'n foto wys. AAY(56). Ken u die gebou wat op die foto uitgebeeld word? -- Ek ken hom. Dit is die gimnasium in Duduza.

En op die foto kan 'n mens sien dat slagspreuke op die muur geverf is? -- Daar is slagspreuke op aangebring.

Het u self daardie slagspreuke gesien? -- Ek het dit self gesien.

Wanneer was dit? -- Dit was ook gedurende die tydperk van Februarie tot Julie.

1985? -- 1985.

Ek toon nog 'n foto aan u. AAY(57). Wat word op die foto uitgebeeld? -- Dit is ook slagspreuke. Dit is 'n pilaarkas, elektriese pilaarkas. "Viva ANC, Free Mandela."

Waar is die pilaarkas? -- Die pilaarkas is in Letsapastraat in Duduza.

Het u self die slagspreuke soos dit op die foto getoon word gesien? -- Ek het dit gesien.

Wanneer was dit? -- Oor dieselfde tydperk soos genoem.

Gedurende die periode Februarie tot Julie 1985? -- Dit is korrek.

Dan gaan ons 'n bietjie terug in tyd na 4 November 1984. U Edele, voor ek die getuienis lei sal u sien dit is buite die tydperk wat in die nadere besonderhede verskaf word. In die nadere besonderhede op bladsy 77 word gesê "Sedert Februarie 1985 het COSAS georganiseer en het oproer, geweldpleging en aanval op die polisie plaasgevind. Dit is my submissie dat die getuienis wat ek nou gaan aanbied oor die voorval op 4 November 1984 val binne die tydperk, die algemene tydperk van die klagstaat en dié getuienis gaan wees om die sameswering,

..../ albei

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

albei die sameswerings wat die Staat beweer getuienis daaroor aan te bied.

HOF : Waaroor gaan die getuienis?

MNR. HANEKOM : Dit sal gaan oor 'n begrafnis wat op daardie dag gehou is en oor die baniere en die doek waarin die kis gedrapeer was wat sekere kleure gehad het.

MR TIP : My Lord, I am at a lost to understand if this was tendered for the purpose of proving a conspiracy, what the other evidence which has been placed before Your Lordship is intended to achieve relating to all these 31 areas around the countryside. If the distinction at presently escapes me, to that extent I would oppose any evidence relating to Duduza falling outside the period set out in the indictment.

MNR. HANEKOM : Die tydperke wat in die klagstaat uiteengesit is op bladsy 77 beweer die Staat dat op hierdie plekke, die 31 plekke het onder andere geweldpleging, oproer en intimidasie uitgebreek na organisering en mobilisering deur die organisasies aangedui en daardie gegewens is gespesifiseer, maar hierdie getuienis gaan oor die sameswering in die klagstaat, wat nie op oproer en organisering in hierdie gespesifiseerde tydperk betrekking het nie, maar dit val nie buite die tydperk van die klagstaat en die sameswering soos beweer in die klagstaat nie.

HOF : Gaan dit oor oproer of waaroor gaan dit dan?

MNR. HANEKOM : Nee.

HOF : Nie oor oproer nie?

MNR. HANEKOM : Nee.

HOF : Net oor baniere?

MNR. HANEKOM : Dit is korrek.

HOF : Ja, dit word toegelaat. Mnr. Tip, jy kan 'n uitstel kry as jy dit wil hê.

... / MNR. HANEKOM

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. HANEKOM : Op 4 November 1984 is 'n begrafnis in Duduza gehou. -- Dit is korrek.

Dra u kennis daarvan? -- Dit was 'n begrafnis van ene Douglas Mshuma, wat 'n ampsdraer was van FOSATU.

Weet u waarvoor staan FOSATU? -- Dit is 'n vakbond.

Waar is die begrafnisdiens gehou? -- Die begrafnisdiens was in die Duduza gemeenskapsaal gehou.

Het u observasie gehou daar? -- Ons het observasie gehou.

Het u gesien toe die stoet van die saal af beweeg het na die begraafplaas toe? -- Ek het dit gesien.

Hoe was die kis van die oorledene vervoer? -- Die kis was vervoer bo-op hulle skouers en hy het rondbeweeg van voor na agter en terug op hulle hande.

Was die kis gedrapeer in enige materiaal? -- Ek het materiaal opgemerk in die klere swart, geel en groen.

Was dit oor die hele kis gedrapeer? -- Dit was oor die kis gedrapeer.

Was daar in die begrafnisstoet enige baniere? -- Daar was baniere van FOSATU en COSAS.

Nog iets? -- Asook baie kinders wat COSAS T-hempies aangehad het.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wat bedoel u met kinders?-- Jeugdiges, ek sal sê van 10 jaar af op na 18, 19 toe.

MNR. HANEKOM : Behalwe die COSAS en FOSATU baniere, was daar enige ander baniere? -- Ek het nie ander baniere gesien nie.

Was daar voorvalle na die begrafnis? -- Daar was voorvalle na die begrafnis. Swart SAP konstabels ... (Mr Tip intervenes)

MR TIP : My Lord, I do not know if this is not bringing us back to the question of the unrest or whether My Learned Friend contends that this is still part of the proof of the general case against the accused.

... / COURT

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

COURT : Actually I have a bit of a difficulty here. The period which was mentioned by the witness initially was from February to I think it was November or whatever it was. I asked him a question whether it was not before February and he said it was before February as well that there was unrest. So, we have on record that before February there was unrest. He is now leading evidence of a funeral. If there was unrest before February, I do not know if it is contended that that is connected in some way with this case or not. I am a bit in the air at the moment.

MR TIP : So are we.

HOF : Wat probeer u met die getuienis bewys? Waarom het u 'n tydperk gekies van Februarie ttot wanneer u ook al gekies het?

MNR. HANEKOM : Dit is die tyd toe daar algemene oproer was in die gebiede, maar hierdie gaan oor 'n spesifieke insident wat binne die tydperk van die klagstaat val.

HOF : Wat bewys die insident?

MNR. HANEKOM : Daar sal betoog word later oor vernaamlik die materiaal waarin hierdie kis gedrapeer was.

HOF : Nee, maar gaaf. Wat daarvan? Hier het iemand wat 'n vakbondleier was 'n ANC vlag oor sy kis gehad. Wat het dit nou met die beskuldigdes te doen? Hoe konnekteer u dit aan die beskuldigdes?

MNR. HANEKOM : Die getuie se getuienis was dat dit 'n FOSATU ampsdraer was en daar was COSAS en FOSATU baniere en dit is albei geaffilieerde organisasies van die UDF.

HOF : Wel, nou is u besig om oor te gaan na oproer na die tyd, wat buite die tydperk val.

MNR. HANEKOM : Die getuienis gaan nie wees dat daar na daardie begrafnis algehele oproer was nie. Daar gaan net getuienis wees ... (Hof kom tussenbei)

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Net beperkte oproer?

MNR. HANEKOM : 'n Spesifieke insident van geweld en nie oproer in die algemeen in die gebied nie.

HOF : Dit word nie toegelaat nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 27 JUNIE 1986.

- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017